

HOOFSTUK XI.MATERIAALVERWERKING EN BEVINDINGE.

Elke denkbare poging is aangewend om die verwerking van die massale empiriese materiaal so noukeurig moontlik te laat geskied. Die gegewens is dikwels kruis en dwars getoets en waar daar nog moontlike foutjies ingesluip het, moet hulle aan menslike feilbaarheid toegeskrywe word. Samevatting van eienskappe moes vanselfsprekend onder hoofde gerubriseer word. Alle stukke is ter insae beskikbaar.

1. GEGEWENS VAN DIE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS: Gerieflikheidshalwe hou ons aan die volgorde van die vrae:

Op die eerste vraag het 44 inspekteurs van onderwys geantwoord dat hulle opperste waarde heg aan die vermoë om op te voed. Van die resterende 9 stel geen enkele een die vermoë tot opvoeding ondergeskik aan die vaardigheid om onderwys te gee nie. Hier volg hulle opmerkinge: "Die beste onderwyser is tog maar dié een wat die intellektuele plus die sedelike eienskappe besit en gebruik. Kan 'n mens nou 'n skoolkind 'opvoed' sonder die 'tegniese vaardigheid om onderwys te gee'? As ek my kruisie by (a) maak dan sou ek my as voorstander beskryf van 'n koue intellektualisme; doen ek dit by (b) dan doel ek op 'n uiteindelijke 'sloppy sentimentalism'. Albei is mynsinsiens foutief en die waarheid lê in 'n kombinasie van die twee."

'n Tweede skrywe: "(a) moet nominaal eerste kom maar (b) staan by my feitlik daaraan gelyk". Twee inspekteurs

in dieselfde rondgang merk die volgende op: "Wat paragraaf 1 betref, is dit moontlik dat 'n onderwyser besonder bekwaam is volgens (a) maar dat daar een of ander swaakte by hom is wat hom heeltemal ongeskik maak as opvoeder en dus as onderwyser. Uitstekende eksamenresultate ens. as sulks is geen bewys van besonder goeie onderwys nie. Die intelligensie van die leerlinge, die fondament waarop die onderwyser bou, of hy 'n drywer is ens. moet alles oorweeg word. Volgens (b) geoordeel, kan 'n onderwyser as goed beskou word en tog onbevoeg wees om onderrig te gee weens gebrek aan kennis, vaardigheid, oorleg en dies meer. Die globale indruk gee die deurslag by die beoordeling en eienskappe ens. kan nie haarfyn geanaliseer of geklassifiseer word nie". 'n Vyfde inspekteur

merk op dat albei opvoeding en onderwys ewe onmisbaar is.

Die volgende opmerking is effens lank maar baie waardevol:

"Tydens/.....

"Tydens sy inspeksie is dit vir die inspekteur baie moeilik om agter te kom of die onderwyser 'n opvoeder (lb.) is. In 'n groot skool sou hy die inligting van die skoolhoof kan inwin, maar wat van die eenmanskool? Ons eerste strewe is dus om die doeltreffendheid van die onderwys te beoordeel. Waar die onderwyser voor ons optree, kan ons slegs sy vaardigheid en doeltreffendheid van sy onderrig beoordeel. Omtrent die ander dinge kan ons in die klaskamer baie min agterkom. Selfs die man wat sukkel om die discipline te handhaaf, het gewoonlik geen moeilikheid as die inspekteur in sy kamer is nie: die leerlinge gedra hul terwille van die inspekteur.

Ek heg baie groot waarde aan die dinge onder lb. genoem. Daar is geen rede waarom die opvoeder (lb.) nie uitstekende uitslae kan behaal nie. Is dit dan nie die leerling met 'n sterk karakter wat sy pligte sal nakom nie? Omdat hy uitlewe die mooi beginsel van plig voor plesier of sport, moet hy mos beter presteer as die swakkeling wat homself nie kan beheer nie. Dus die onderwyser wat karakter bou, vergemaklik sy werk en sy uitslae behoort dienooreenkomstig te wees.

Wat 'n mens nou wel dikwels vind, is dat die onderwyser wat 'n mislukking is, hom wil verskoon deur voor te gee dat eksamenuitslae by hom nie die swaarste weeg nie, maar wel die mooi dinge onder lb. genoem. Hy is dus in die reël 'n sedepreker en by uitstek 'n prater. U verstaan dus dat ek eintlik beweer dat die onderwyser wat hom toelê op dinge in lb. genoem, die mees suksesvolle onderwyser behoort te wees".

'n Volgende inspekteur merk op: "both should be taken into account"; die agste sê dat vir die hoof van 'n redelike groot skool (b) die vernaamste is. Vir assistente is (a) en (b) van gelyke waarde. En die laaste een maak die mynsinsiens kostelike opmerking: "In teorie is dit (b) hoewel by gewone inspeksie meesal getel word op (a)."

Uit hierdie gegewens en opmerkings blyk dit onteensaggelik duidelik dat van beide funksies wat verrig word, die opvoedende een die belangrikere een is. Die antwoorde op vraag 2 sal dit nog duideliker bevestig. (Een inspekteur het vraag 2 nie beantwoord nie, 'n ander het dubbel meentlikhede gegee, 'n derde het 2(a) nie voltooi nie en 'n vierde het 'n dubbel antwoord by 2(b) gegee. Twee inspekteurs verkies die term "meesal" in plaas van die aangebode terminologie en 'n ander voeg "omtrent" voor "altyd" by. Die volgende tabelletjie dien as opsomming. Die syfers dui op die aantal kere dat die verhouding in sy kategorie genoem word.

Kategorie/.....

<u>Kategorie.</u>	<u>Goeie opv.: goeie ond.</u>	<u>Goeie ond.: goeie opv.</u>
altyd	6	1
omtrent altyd	1	1
gewoonlik	34	22
meesal	2	2
dikwels	8	19
soms	1	1
selde	0	1
nooit	0	0

Indien mens die aantal kere dat 'n verhouding tussen die funksies genoem word, as 'n moontlikheid sou beskou, beteken dit dat daar 6 moontlikhede bestaan dat die goeie opvoeder altyd 'n goeie onderwyser is teenoor slegs een moontlikheid dat die goeie onderwyser altyd die goeie opvoeder kan wees. Dieselfde geld vir die ander genoemde verhoudinge. Die kategorieë "altyd" en "soms" staan in byna omgekeerde verhouding tot mekaar. By "gewoonlik" en "dikwels" is die verhoudinge ook byna omgekeerd. Hier blyk dit dat die korrelasie tussen beide funksies besonder hoog is. Maar in volgorde van menigvuldigheid oortref die bekwaamheid om op te voed en tegelyk goeie onderwys te gee, die doeltreffendheid van goeie onderwys met die moontlikheid om ook opvoedingswerk te verrig. Die funksies is nie beperk tot hulleself nie: daar vind oordraging van die een op die ander plaas hoewel die grotere oordraagbaarheid van opvoeding op onderwys wys as die omgekeerde. Onderwysdoeltreffendheid is grootliks afhanklik van opvoedkundige bekwaamheid.

Wanneer die antwoorde op die derde vraag onder oënskou geneem word, kry ons 'n pragtige beeld van die geïntegreerde opvoeder-onderwyserspersoonlikheid en besliste boustene vir 'n pedagogiese tipologie. Dis besonder opvallend hoe sterk die rigtinggewende faktore in die persoonlikheid benadruk word. Ons bied vooraf 'n opsomming sover klassifikasie en rubrisering moontlik was, onder sekere hoofde aan. Die syfers tussen hakies dui op die aantal kere dat eienskappe van dieselfde soort genoem word.

(a) Persoonlikheidstrekke en karaktereienskappe:

'n Uitstekende, sterk, aangename, aantreklike persoonlikheid (20); goeie karakter, goeie inbors, voorbeeldige en onberispelike lewenswandel, opregtheid, vertrouenswaard, agting vir gesag, vergewingsgesindheid, betroubaarheid, vyandigheid ten opsigte van materiële winste, selfondersoekend, soberheid, onbaatsugtigheid, absolute eerlikheid, verantwoordelike besef, onbaatsugtige toewyding, bereidwilligheid om op te offer, belangloosheid, puntualiteit, noukeurigheid, pligsgetrouheid, pligsbesef, toegewydheid, hardwerkendheid, leergierigheid, vlyt en ywer, deeglikheid, volharding, beskeidenheid (60); Godsdienssin (10); gesonde, idealistiese, doelbewuste lewensbeskouing (8); netheid op werk en persoon (6). Totaal 104.

(b) Teenoor Kollegas, die Kind en die Gemeenskap:

Mensekennis (8), fyn mens, "real gentleman or lady", blanke opregtheid, minsaamheid, opgewektheid, blymoedigheid, opgeruimtheid, vriendelikheid, hartlikheid (sincerity), natuurlikheid (9), hoë algemene peil van kulturele ontwikkeling, verfynde huislike opvoeding, gesonde en breë uitkyk, mens sana, agting vir geestelike, sedelike en kulturele waardes, draer van die volkskultuur (7), aanpassing by kollegas, ouers, belangstelling in die ouers, bereidwillige samewerking, kameraadskaplikheid (13), sagte dog gesaghebbende stem, beskaafde stem, "well modulated voice" (5), familie- en huislike onbekommerdheid (1), leierstalent (6), sportsman (2), organisasievermoë (1), waardigheid (poise) (1), selfvertroue (1), Totaal 64.

(c) Teenoor die Kind: Liefde vir die kind, geloof en hoop in die kind (22) kennis van die kind, insig in die sielelewe van die kind, verstaan van die kind, afdaal tot die peil van die kind, belangstelling in die kind (23), simpatie en takt met die kind (14). Totaal 59.

(d)/.....

(d) Kontakte met die kind: Emosionele stabiliteit en bestendigheid, geduld, verdraagsaamheid, selfbeheersing, opgewekte geaardheid, simpatieke beslistheid, oortuigende optrede, takt, beginselvastheid, konsekwentheid van optrede, regverdigheidsin, billikheid, versigtigheid in verband met optrede teenoor 'n kind (28), sin vir humor (14): Totaal 42.

(e) In verband met Metode: Duidelike slag om mee te deel, metodiese mededeling, logiese aanbieding van die leerstof, noue samewerking tussen onderwyser en klas, stelselmatigheid, sisteem, duidelike besef van onmiddellike doelstelling, "striking power to teach", hulp aan leerlinge om leerstof baas te raak, kennis van moderne metodes, vindingrykheid, goeie waarnemer, vaardigheid of tegniek, "awareness of educational problems" (28), klasbeheer en klasdisipline (8): Totaal: 36.

(f) Teenoor die Beroep: Professionele insig, belangstelling in opvoeding, geloof in die waarde van sy werk, doelbewuste beroepsbeskouing, beroepsbewustheid, roepingsbewustheid, professionele gees en houding teenoor kollegas (11), belangstelling in die werk, liefde vir die werk, entoesiasme, opwekking van goedsdrif, inisiatief, inspirasie, besielende idealisme (19), gesondheid, energie, lewenskrag (vitality) (4). Totaal: 34.

(g) In verband met die Leerstof: Goeie vakkennis, nodige akademiese kennis (19), gereelde voorbereiding en beheersing van die leerstof (3), goeie holder verstand (4), gedurige studie (5), kennis van die natuur (1). Totaal: 32.

Alvorens hieruit enige gevolgtrekkings gemaak word, word eers die beeld van die swak opvoeder-onderwyser weergegee. Ook hier word hulle onder sekere hoofde gerubriseer:

(a) Persoonlikheidstrekke en Karaktereienskappe: Swak persoonlikheid (11), gewoon luiheid (22), swak karakter (8)

losbandigheid/.....

losbandigheid (3), beginselloosheid (1), selfsug (2), swak kulturele agtergrond (9), gebrek aan leierskap (2), gebrek aan godsdienssin (4), onbetroubaarheid en oneerlikheid (5), slordigheid op die persoon en die werk (16), dislojaliteit (3), onverskilligheid (1), onverantwoordelikheid (2), onverfyndheid (1), onnoukeurigheid (4), onvoorbereidheid (8), onbeslistheid (2). Totaal: 104.

(b) Teenoor die werk: Geen belangstelling in die werk nie (16), buitebelange (onderwys net 'n broodwinning, 'n gedurige kyk na die horlosie en 'n vassit aan die stoel) (12), gebrek aan ambisie (5), selftevreedenheid en vasgeroostheid (3), gebrek aan perspektief en lewensrigting (9), gebrek aan vindingrykheid (3), traagheid (12), gemaksg (1), geen selfvertroue nie (6), geen drang tot verdere studie nie (5), gebrek aan mensekennis (2), Skeptisisme teenoor die werk (1). Totaal: 75.

(c) In verband met Onderwysmetodes: Gebrek aan vakkennis (10), afgesaagde metodes (4), vaagheid van doelstelling (7), eentonige en vervelige stem (6), gebrekkige aanpassingsvermoë (3), swak voordrag (2), nie genoegsame herhaling nie (1), gebrekkige kontak met die klas (3), oordrewe toegewiflikheid (1), oordrewe omslagtigheid (1), oordrewe praatlustigheid (1), te geleerd vir die klas (1), laatkommery (1), slordige denkwys (4). Totaal: 60.

(d) Teenoor die Kind: Gebrekkige kennis van die kind (10), geen simpatie en liefde nie (2), sarkasme en verkleinering (9), partydige optrede (8), gebrek aan humorsin (4). Totaal: 51.

(e) Kontakte met die Kind: Ongedissiplineerdheid, gebrek aan selfbeheersing, humeurig, emosionele onstabieleit (21), taktloosheid en oorhaastigheid (7) 'n dodende pessimistiese erns (2), selfbejammering (1), partypolitieke ywer (1),

inkennigheid (1), sadisme (1), Parogialisme (1), swak gesondheid en liggaamsgebreke (4). Totaal: 39.

(f) Teenoor Raadgewers en Meerderees: Vitterigheid, neulerigheid, foutvindery (6), onverskilligheid teenoor welmenende kritiek (3), betersweterigheid, warkoppigheid, vol-leerdheid, hoogmoed, eiegtogtigheid, selfvoldaanheid (13). Totaal: 22.

By die noukeurige betragting van en besinning oor hierdie lang reeks positiewe en negatiewe kenmerke spreek bepaalde dinge besonder duidelik. Wanneer hulle met inagneming van die verskille in hoofde waaronder hulle gerubriseer is, langs mekaar gelê word, spreek dit genoegsaam waar die klem gelê word. Die volgorde onder elke kolom is gebaseer op die monigvuldigheid dat sekere eienskappe wat min of meer onder die hoof tuishoort, genoem word.

Vir die goeie opvoeder-onderwyser.

1. Positiewe persoonlikheidstreke en lofwaardige karaktereienskappe (104).

2. Die vermoë om sosiale kontakte met die kind, met kollegas en lede van die gemeenskap te maak (64).

3. Die houding en die gesindheid teenoor die opvoeding (59).

4. Eienskappe wat positiewe kontak met die kind waarborg (42).

5. Geslaagde metodes van onderwys (36).

6. Die houding en die gesindheid teenoor die beroep en die werk (34).

7. Die houding en gesindheid teenoor die leerstof (32).

Vir die swak opvoeder-onderwyser.

1. Negatiewe persoonlikheidstreke en afkeuringswaardige karaktereienskappe (104).

2. Die opvallende negatiewe houding teenoor die werk (75).

3. Gebrekkige onderwysmetodes (60).

4. Die houding en gesindheid teenoor die kind (51).

5. Eienskappe wat kontak met die kind bemoeilik (39).

6. Die houding en gesindheid teenoor adviseurs en superieures (22).

(Die verskille by die groottotaal van elke kolom is toe te skrywe aan die feit dat daar baie meer positiewe as negatiewe eienskappe opgenoem is.)

Hierdie/.....

Hierdie halfgangbare vergelyking wys ondubbelsinnig daarop dat in beide gevalle dit in die eerste plek om die persoonlikheid en die karakter gaan. Indien die persoon oor die gewenste karaktereienskappe beskik of bereid sou wees om hulle te verower, sal hy 'n sukses van sy werk kan maak. Maar hy sal ook die nodige kontakte met die kind, sy gelykes en meerderes kan maak. Immers: opvoeding is 'n intiem sosiale aangeleentheid. Indien die verhouding teenoor die kind in orde is, word die metodes van onderwys deur 'n ander motief geïnspireer. Die persoon met die goeie karakter met insluiting van die gewenste houding teenoor die kind bring meteen die regte gesindheid teenoor die leerstof en die werk mee. As dit aan die gewenste karakterdeugde enigsins haper, ly elke lid van die groot geheel. Dit blyk baie duidelik dat iemand met ongeskikte karaktereienskappe vir die werk van opvoeding en onderwys nie alleen spanninge en disharmonie na binne ondervind nie maar dat hy ook disharmonie na buite veroorsaak. Dit kan ook nie anders nie want sy teenwoordigheid en inmenging of afsydigheid vorm 'n integrale deel van die groot geheel. Hy self ly, die kind ly, die metodes wat aangewend word, is ondoeltreffend en die sosiale kontakte is almal van 'n kortsluitende aard.

Die volgende afleidings kan m.i. reeds uit die gegewens van die inspekteurs van onderwys gemaak word:

(a) Die rigtinggewende faktore in die persoonlikheid naamlik die dryfkragte en die waarderingsfunksies staan prominent op die voorgrond. Dis ook die aard van hierdie rigtinggewende faktore in die persoonlikheid wat die gehalte van die opvoeding en die onderwys bepaal,

(b) Die algemene intra-psigiese geesteseienskappe soos goeie gewoontevorming, die opmerkzaamheid en veral die temperament is van nie minder fundamentele betekenis nie. Dour middel van rowwe induksie kan nou al gesê word dat aktiwiteit, gebalanseerde emosionaliteit en sekondêre funksie gunstiger tekens is

as nie-aktiwiteit, oormatige emosionaliteit en oorwegende primêre funksie,

(c) Die besondere sterkteverhouding van die neiginge wat suksesvolle opvoeding en onderwys as gevolg het, veronderstel 'n oorheersing van die vitale en die ego-filistiese deur die sosiale en die supra-sosiale neiginge,

(d) Die rangorde van waardes wat hierby geïmpliseer word, veronderstel die sedelik-religieuse waardes as die opperste waardes. Dis by uitnemendheid hierdie waardes wat deur die opvoeding gerealiseer moet word.

(e) Die norm wat vir beoordeling aangewend word, is een van oorwegend sedelike aard. Opvoeding is belangriker as onderwys en opvoeding beoog die verwesenliking van sedelik-religieuse waardes. In werklikheid is dit die karakter van die opvoeder-onderwyser wat beoordeel word. Die maatstaf wat aangewend word om die waarde van die karakter te bepaal soos dié in die gedrag en die wyse van kontak na buite aan die lig tree, is van 'n ek-middelpuntvliedende en 'n jy-middelpuntsoekende geaardheid. Elke trek van egoïsme, egosentrisme en verder enigiets wat tot nadeel van die kind kan strek, word gelaak.

(f) Die algemene aanpassingseienskappe soos byvoorbeeld die intellektuele aspekte en sy funksies insluitende die intelligensie, algemeen en besonder, sowel as die somatiese insluitende 'n goeie gesondheid word as soveel gunstige hulpmiddels beskou. Hulle word egter ondergeskik gemaak aan die karakter met sy deugde,

(g) Die motief as die gedurige voorstelling van moontlike toekomstige handelinge en toestande is geen ekonomiese, mag-politieke, teoretiese of estetiese nie maar 'n byna uitsluitlik sosiale en sedelik-religieuse een. Die laasgenoemdes moet dien as die dryfkrag, die dinamiek van die handeling. Dit wil beslis nou al voorkom asof uit hierdie gegewens die lofwaardige opvoeder-onderwyser tot die sosiale en die religieus-sedelike uit die Sprangerse tipologie moet behoort,

(h) Verantwoordelikheid-in-liefde, kulturele verfyndheid, roepingsbewustheid, emosionele stabiliteit en blymoedige opgewektheid skyn die vyf uitstaande kenmerke van die waardige opvoeder-onderwyser te wees. Die deug van verantwoordelikheid en geroepenheid skyn die alles-omvattende te wees: nie verantwoordelikheid teenoor myself nie maar verantwoordelikheid-in-liefde teenoor die persoon wat God vir my op die pad gestel het,

(i) Die ware en die lofwaardige opvoeder-onderwyser is draer van die beste uit die kultuur- en die geestes-goed van die wêreld, nie van die tegniese-ekonomiese, die magspolitiese en die intellektuele waardes nie maar van die waaragtig humane en die suiwer eties-religieuse waardes,

(j) Rowwe induksie wil laat voorkom asof 'n verfynde huislike opvoeding, breë kulturele vorming en 'n liefde vir bloed en bodem onmisbare voorveronderstellinge vir suksesvolle opvoeding en onderwys is.

Maar laat ons nou 'n ontleding van die empiriese materiaal maak wat deur die suksesvolle beoefenaars van die beroep aangebied is. Immers: hier het ons die mens wat in die volle praktyk van die beroep staan.

2. GEGEWENS VAN ONDERWYSERS EN ONDERWYSERESSE:

Die leser word vriendelik gevra om maar geduldig deur die massale hoeveelheid statistiese gegewens te worstel. Elke poging is aangewend om sake wat verband met mekaar hou, telkens saam te groepeer. Gaandeweg sal kommentaar gelewer word.

Die algemeen somatiese aspek van die persoonlikheid kom hier eerste aan die beurt. Van 320 ondersoekte gevalle beoefen 239 die beroep sonder enige liggaamlike hindernis soos byvoorbeeld 'n infantiele stem, 'n uitermate klein liggaamsbou, swak oë, 'n swak gehoor, boggelrug, platvoete, ruggegraatverkromming, ens. Van die resterende 81 ondervind 54 las van hulle oë, 10 het gehoersgebreke, 4 spraakmoeilikhede, slegs 2 het las

van/

hulle senuwees, 2 van die hart en 9 het 'n afwyking van die een of ander orgaan soos boggelrug, platvoete, ens. Mens kan derhalwe met 'n redelike mate van sekerheid konstateer dat 'n goeie gesondheid feitlik 'n onmisbare voorwaarde vir die suksesvolle beoefening van die beroep is, maar omgekeerd dat suksesvolle beoefening van die beroep die gesondheid weinig affekteer.

Die volgende tabel weerkaats in 'n geringe mate hulle jeug in so ver daar (i) harde en onverdiende behandeling ondervind is, (ii) daar weens stoflike en/of verstandelike minder gunstige bedoeeldheid 'n terugstaan moes plaasvind en (iii) wat 'n wrok teen iemand ontwikkel het wat blywende invloed op die lewe uitgeoefen het.

	<u>Onverd. Beh.</u>	<u>Agterstand.</u>	<u>Wrok.</u>
Here, Hoofde:	23	14	12
Here, Assistentente:	53	38	41
Dames, Hoofde:	-	-	-
Dames, Assistentente:	9	12	12
Totale	85	64	65

Van die 320 het 202 die toestand wat sulke pynlike spanninge kan oplewer, nie ondervind nie. Soos blyk, het 85 'n onverdiende behandeling in hulle jeug of tydens hulle skoollewe ondervind; die wat agterstand geniet het, was oorwegend aan stoflike redes toe te skrywe en dié wat wrokgevoelens van 'n merkbare aard beleef het, het die ervaring in baie gevalle op gevorderde leeftyd opgedoen.

Niemand se lewe gaan van 'n uitsluitlike leie dakkie nie maar dit wil tog voorkom dat hierdie ondersoek se bevindinge met dié van Birkenshaw klop, naamlik dat 'n gelukkige jeug en 'n lewe wat met 'n minimum van emosionele spanninge gepaard gaan, suksesvolle opvoedings- en onderwyswerk bevorder. En tog: al sou gebeurtenisse van die voornoemde aard disintegrasie van die persoonlikheid in die hand werk, moet daar desnietemin groot waarde aan die rol van konstante motiewe geheg word wat

ontleen/

ontleen is aan beginsels, ideale en norme, wat 'n bestendigheid van houding in die hand werk en wat in 'n besondere mate vir die integrasie van die persoonlikheid bevorderlik is. Deur middel van opvoeding en selfopvoeding kan die spanninge oorwin word. Hierdie ondersoek bevestig dit. Van die 31 hoofde is 28 heeltemal gelukkig in hulle werk en 14 wil ook glad nie van beroep verander nie. Net 3 is nie heeltemal gelukkig nie. Maar al drie het deur die druk van omstandighede in die beroep feitlik teen hulle wens beland. Van die 75 here-assistente is net 9 nie gelukkig nie en 5 hiervan het deur dwang, direk en onregstreeks die beroep gekies. Van hierdie 75 sal 58 wel van beroep verander maar dis by baie here-assistente die geval. Van die 12 dames wat een of meer van die spanninge moes ondervind, kon net 7 gevind word wat van beroep sal verander. Hiervan is 6 gelukkig en selfs baie gelukkig. Die nuwe beroepe wat hulle by 'n eventuele verandering sou wil kies, word almal deur 'n sosiale en 'n diensmotief onderlê. Net een is ongelukkig en sal wil verander. Maar sy het onder dwang in die beroep beland en sal weer op haar oorspronklike keuse wou terugval, naamlik verpleging.

Om aan te toon hoe ver mens dit deur inspanning, volharding en geloofsvertroue kan bring, volg hier die gewaardeerde byskrif by die vraeboek van 'n puik hoofonderwys aan 'n Hoërskool:

"Omdat ek in die oorlog gebore is (Junie 1900) en in die konsentrasiekamp 3 maal amper dood is, het my ouers niks van my verwag nie en is ek beskou as die minsbegaafde van 4 kinders. Deur harde werk het ek nooit gedruip nie en toe ek die Matriek in die eerste poging deurkom (waar my broers elk een maal gesak het) wou ek verder gaan studeer m.a.w. dieselfde kanse as hulle hê. (Ek sou in die bank gaan werk het as ek matriek sak en was versoen met die idee.) Waarskynlik omdat ek so baie siek was en 'n wonderlike agting vir 'n dokter gehad het, wou ek dokter word, maar omdat die fondse ontbreek het, en die skool vir veeartse toe net sou begin op T.U.K. het ek besluit om veearts te word. Na 2 jaar studie was die vooruitsigte (350-£500) nie belowend genoeg nie. (Ek sou £1000 skuld hê as ek klaar is) en besluit ek om maar eers B.Sc. te neem en as vooruitsigte verbeter na Veeartsenykunde terug te gaan, maar sake het nie verbeter nie en het ek toe maar H.O.D. geneem om darem iets te hê om op terug te val. Onderwyser wou ek onder geen omstandighede word nie en het niemand seker met so 'n teësin en huiwering begin skoolhou nie MAAR van die staanspoor het ek daarvan gehou en toe besluit om dit my lewenstaak te maak. Deur onvermoeide ywer, /

ywer, pligsgetrouheid en selfopoffering het ek die agting van my meerderes afgedwing en promosie gemaak sonder enige kruise.

Die groot prikkel in my lewe was om 'n vader, wat niks van my verwag het nie, te wys dat ek nie 'n swakkeling is nie en 'n moeder, wat in my geglo het, nie teleur te stel nie, en die naam wat ek dra waardig te wees. Wat ek presteer het, is nie deur inherente bekwaamheid nie maar deur harde inspanning, deursettingsvermoë en geloofsvertroue." Meer opmerkinge van hierdie aard is ontvang, maar hierdie een is voldoende. Die laaste twee sinne veral spreek vir hulleself. Dit bewys voldoende dat konflikte en 'n mate van disharmonie deel van die normale menselewe is en dat dit beslis 'n spoorslag tot hoër prestasies kan wees. 'n Gelukkige en spanningsvrye jeug is ongetwyfeld bevorderlik vir suksesvolle opvoeding en onderwys maar dis geen onfeilbare waarborg nie. Aan die ander kant kan 'n jeug vol ontberinge en moeilikhede, teëslae en trotseringe, juis die spoorslag wees om terwille van beginsels en ideale te werk en te stry. Aanstons kom hierdie saak nog 'n keer te berde, wanneer ook die nodige kritiek op die beskouinge van Franziska Baumgarten gelower sal word.

Met betrekking tot die beroepe wat die verskaffers van ons materiaal die meeste bekoor het, hoe hulle in die beroep beroep beland het, die ouderdom waarop die keuse gemaak is, die gratis opleiding en/of die beurslening, of daar enige dwang uitgeoefen is en deur wie, kan as volg gerapporteer word. Die hier volgende tabel gee die keuse van die grootste liefde.

	<u>Hoofde: H.</u>	<u>Asst: H.</u>	<u>Hoofde: D.</u>	<u>Asst.D.</u>	<u>Tot.</u>
Onderwys.	17	33	2	40	92
Geneeskunde.	12	30	-	6	48
Predikant.	10	19	-	-	29
Boerdery.	7	15	-	1	23
Ingenieurswese.	3	18	1	-	22
Wet.	4	13	1	1	19
Verpleging.	-	-	1	7	8
Staatsdiens.	1	4	-	2	7
Joernalistiek.	1	-	-	3	4
Tandheelkunde.	-	4	-	-	4
Handel.	-	4	-	-	4
Ambagte.	1	1	-	-	2
Veeartsenykunde.	-	1	-	-	1
Aptekerswese.	1	-	-	-	1
Sosiale werk.	-	1	-	-	1
Gemengd.	4	9	-	10	23
Onvermeld.	9	18	-	5	32
Totale	70	170	5	75	320

Uit hierdie tabelle blyk dat die beroepe wat die meeste bekoor het, so goed as alles insluit wat mens maar enigsins kan beoefen, dat die onderwys in verhouding tot die totaal van die res geensins die grootste bekoring gehad het nie maar dat afsonderlik gesien die meeste tog deur die onderwys getrek is, by uitnemendheid die dames. Hieruit moet ook afgelei word dat al sou mens nie die keuse van jou eerste liefde kan beoefen nie, jy nie noodwendig vir 'n ander nie sal deug nie.

Ten aansien van die ouderdom tydens die keuse van die beroep: Vir die here was die gemiddelde ouderdom 18 jaar en vir die dames 15 jaar. Die gemiddelde vir almal beloop 'n rapsie oor die 17 jaar. Dit tref meteen dat die keuse van die beroep om die jare van skoolverlating geskied het, maar vir die dames tog vroeër as vir die mans. Alleen 68 uit die groottotaal is geadviseer. Hierin het onderwysers die grootste aandeel gehad (45), daarna die ouers (16). Wat gratis opleiding en die moontlikheid van 'n beurslening betref, dien die volgende.

	<u>Gratis opleiding.</u>	<u>Beurslening.</u>
Here: Hoofde.	9	9
Here: Assistente.	37	51
Dames: Hoofde.	0	0
Dames: Assistente	6	10
Totale.	42	70

Dit blyk werklik of die gratis opleiding wat aan baie inrigtinge bestaan nie 'n oorsaak vir die keuse van die beroep kon gewees het nie. Meer was dit egter die geval met die moontlikheid van 'n beurslening. Dit wil derhalwe voorkom asof die gratis opleiding en die moontlikheid van 'n beurslening g'n noemenswaardige invloed op die keuse van die beroep uitgeoefen het nie.

Van die 320 onderwysers(esse) het 264 die beroep vry en selfstandig gekies. Uit die resterende 56 het 15 dit onder dwang van hulle ouers moes doen en 31 weens omstandighede wat

van 'n byna uitsluitlik finansiële aard was. Ten aansien van die vreugde al dan nie wat in die beoefening van die beroep ondervind word, geld die volgende opsomming:

	<u>Gelukkig</u>	<u>Deels</u>	<u>Voorwaard</u>	<u>Ongel.</u>	<u>Totaal.</u>
Here: Hoofde.	61	5	1	3	70
Here: Assistentente.	108	33	10	19	170
Dames: Hoofde.	5	0	0	0	5
Dames: Assistentente.	59	12	1	3	75
	233	50	12	25	320

Byna 73% is gelukkig (baie gebruik terme soos verbasend, ontsettend, uifers, verskriklik ens.) en vind die werk aangenaam terwyl 8% werklik ongelukkig is. In die lig van die objektiewe eise van die beroep veral wat betref die sterk heteronome inslag daarvan en die vergelyklike lae besoldiging is dit 'n beslis bemoeidigende teken. Mens kan tot net een gevolgtrekking kom en dit is dat die bekwame onderwyser(es) sy en haar werk uit lief-in-verantwoordelikheid doen en dat hulle deur 'n sosiale en 'n diensmotief geïnspireer moet word.

By 'n ontleding van die moontlikheid van 'n nuwe verandering is die volgende gevind: 33 Hoofde (here) sal verander (47%), 115 here-assistentente (67%), nie een van die dame-hoofde dink aan 'n verandering nie terwyl 29 dame-assistentente (38%) 'n ander keuse sal wil maak. Hierdie skynbaar hoë persentasies is egter niks onrusbarends nie want die praktyk van die lewe leer dat elkeen maar om verandering woel, maar dit ook dag na dag betreur. Selfs die medikus sou ook 'n verandering wou maak. Die hoogste persentasie wat 'n verandering van beroep sou maak, is die here-assistentente. Dit kan goed verklaar word veral as aan die geringe keuse vir promosie gedink word. Die volgende tabel gee die aard en die voorrang van die eventuele nuwe keuse aan:

Beroep/

	<u>Hoofde:Here.</u>	<u>Ass.Here.</u>	<u>Ass.Dames.</u>	<u>Totaal.</u>
Medisyne.	15	39	6	60
Handel.	4	22	-	26
Boerdery.	5	12	1	18
Regte.	3	13	-	16
Ingenieurswese.	1	11	-	12
Predikant.	3	6	-	9
Joernalistiek.	-	2	3	5
Sosiale Werk.	-	-	5	5
Veeaartsenykunde.	-	4	-	4
Staatsdiens.	1	1	2	4
Verpleging.	-	-	3	3
Huishoudkunde.	-	-	3	3
Tandheelkunde.	1	1	-	2
Ambagte.	-	2	-	2
Gemengd.	-	2	6	8
	33	115	29	177.

Wanneer 'n analise van die redes vir die ewentuele nuwe keuse gemaak word, het mens dit met 'n werklike kaleidoskopiese verskeidenheid te doen. Dit varieer vanaf groter onbaatsugtige diens en hulp aan die lydende mensheid tot 'n gebelgdheid oor promosie-skandale, dwase inmenging van politieke nikswetery, ondankbaarheid, swak salarisse, die drang na vryheid en volwaardige burgerskap. Maar skynbaar sal niemand ooit sy werk behoorlik doen as ons weer die Paradys op aarde terug sou ontvang nie.

As ons by die volharding in die beroep kom, vind ons dat van die 70 hoofde (here) met 'n gemiddelde dienstyd van byna 24 jaar dat net twee 'n verandering gemaak het, een terwille van mediese behandeling na Europa en 'n ander omdat hy graag die ondervinding in 'n ander werkkring ook wou opdoen. Van die 170 here-assistente met 'n gemiddelde ervaring van oor die 17 jaar het 7 verander. Die verandering was maar net vir een jaar en die redes deurgaans baie gegrond. Van die 80 dames met 'n gemiddelde dienstyd van 16 jaar in beide groepe het niemand van beroep verander nie. Dit dui ondubbelsinnig daarop dat die suksesvolle onderwyser(es) in die beroep volhard, bestendig en stabiel daarin is. Wispelturigheid en 'n sug na verandering van beroep bestaan so goed as glad nie. En kom mens by die kwessie van verskuiwing van die een skool na die ander en van die een pos na die ander, sal die volgende tabelletjie die posisie

	<u>Gem. Aant. Perm. Ben.</u>	<u>Gem. Promosie.</u>
Here: Hoofde.	4	87.5
Here: Assistente.	2.7	47.6
Dames: Hoofde.	3.4	80.0
Dames: Assistente.	2.9	20.0

Hier moet die geslagte en die groepe geskei bly en wel om klaarblyklike redes. Dis egter duidelik dat die hoofde (here) in die lig van wat hulle moes deurgaang om te kom waar hulle is, sowel as hulle lang ervaring, min verander het en dat elke verandering 'n besondere promosie was. Die here-assistente het werklik min verander maar met redelike promosie telkens. Die dames hoofde het ook min verander met telkens hoër promosie, maar die dame-assistente verander geweldig met weinig promosie. Hulle is 'n betreklik rondtrekkende groep en dit om verstaanbare redes.

Van ons materiaal het 307 opleiding ontvang waarvan die gemiddelde duur van die kursus 2 jaar 10 maande was. Hiervan het 64 eers vir 2 jaar 3 maande gemiddeld onderwys gegee alvorens hulle na 'n opleidingsinrigting is. Dat die noodsaaklikheid van opleiding ingesien word, blyk uit die feit dat 317 ten gunste van opleiding is. Die resterende 3 stel alleen sekere voorwaardes. Terugdenkende aan die waarde van hulle eie opleiding en die betekenis daarvan vir hulle sukses in die werk, word die volgende meegedeel. Slegs 6 het goeie opvoeder-onderwysers uitsluitlik op grond van hulle opleiding geword, 263 gedeeltelik en 36 ten spyte daarvan. (15 het geen antwoord verstrek nie.) Hierdie syfers spreek boekdele vir die noodsaaklikheid en die waarde van opleiding. As ruim 85% van bekwame leerkragte iets uit hulle opleiding weg het, stem dit beslis tot groot dankbaarheid en gee dit nuwe besieling vir die toekoms

Ten aansien van verdere studie op beide professionele

en/

en akademiese gebied is gevind dat 207 nie by die opleidingspeil bly staan het nie. Van hierdie 207 is 186 here. Dis werklik bemoedigend en lofwaardig om te sien wat die meeste reeds aan akademiese prestasies bereik het. Die probleem van die vrye tyd is vir hulle werklik geen probleem nie. Daar word goed gelees en die leesstof is deurgaans van 'n hoogstaande gehalte. So is gevind dat 98 baie, 186 taamlik en net 31 min lees. Vyf het hulle onbetuig in hierdie verband gelaat. Ruim 260 raadpleeg ook opvoedkundige handboeke en tydskrifte.

En kom mens nou by die vraag of hulle ook 'n ander in gemoede sal aanbeveel om die onderwysberoep as lewensberoep te kies, sal die volgende tabel die posisie hopelik goed weergee.

	<u>Ja.</u>	<u>Voorwaardelik.</u>	<u>Nee.</u>	<u>Onverm.</u>	<u>Totaal.</u>
Here: Hoofde.	35	28	5	2	70
Here: Assistentente.	82	45	39	4	170
Dames: Hoofde.	3	2	-	-	5
<u>Dames: Assistentente.</u>	<u>36</u>	<u>25</u>	<u>12</u>	<u>2</u>	<u>75</u>
	156	100	56	8	320

Diegene wat hulle voorwaardelik uitspreek, wil alleen die verskoring hê dat die rekrut temperamenteel en andersins geskik vir die beroep sal wees. As iemand derhalwe die gewenste eienskappe het, sal hulle so 'n persoon in gemoede kan aanbeveel. Dit bring die totaal op 256, sodat 80% van die suksesvolle beoefenaars van die beroep 'n ander dieselfde lief en leed gun as waarin hulle hul bevind. Sonder om dinge vooruit te loop, kan hier reeds vermeld word dat van die 300 studente wat hulle tydens die ondersoek vir die beroep bekwaam het, 93 geadviseer is. Van die adviseurs was 58 onderwysers, dus meer as die helfte. Maar dis 'n ander vraag of ten spyte van die feit dat van 68 uit die 320 onderwysers(esse) 45

en van die 93 uit die 300 aspirant onderwysers(esse) 58 deur onderwysers aangeraai is, hulle nie per slot van sake miskien in hulle geledere die hoogste persentasie verteenwoordig wat belowende jong rekrute die skrik op die lyf jaag. Dis met die onderwyser(es) meer as met enig iemand anders dat die kind aan die vooraand van toetreding tot die beroepswêreld die mees direkte kontak maak. Die skoolverlatende jeug kan heel gou uit die persoon se houding aflei wat hy van die onderwysberoep dink, al gee hy geen direkte advies nie. Maar indien hy direk en indirek die belowende rekrut deur gesindheid en woord moet afraai, sal dit baie jammer wees.

Die voorgaande enkele uittreksels uit die empiriese materiaal gee ons nog maar net 'n formele beeld van die beoefenaar van die beroep. Die uiters belangrike taak bly nou nog oor om 'n inhoudelike beeld te probeer kry. Hoe staan sake met betrekking tot sy lewe van wil en waardebepaling, sy temperament, sy intelligensie, sy houding teenoor die opvoeding, waarop lê hy hom toe, en meer sulkes.

Herhaaldelik is vroeër die feit benadruk dat die wilslewe met sy gerigtheid op waardeverwesenliking en sy keerkant van sedelike goed- en afkeuring die sentrale plek in die persoonlikheid inneem. Toegepas op 'n aspek van die beroep: toetreding daartoe het 'n element van waarde geïmpliseer. Sekere dinge wat waarde besit, is reeds destyds gehuldig en die begeerte het ontstaan om hulle te verwesenlik. Daar moes psigologies gesien, by elkeen onteenseggelik 'n wilsproses hom afgespeel het. By die analise van die wilsproses is daarop gewys dat sekere faktore die wilsbesluit voorafgaan. Onder andere is genoem die uitwendige omstandighede, kennis van omstandighede, wat weer faktore soos lewenservaring, intelligensie en temperament insluit. Op die meeste van/

van dié dinge is reeds volledig genoeg ingegaan. Aspekte hiervan vereis nou verder die aandag.

Soos gesê: aan die besluit om tot die onderwysberoep toe te tree, het sekere faktore voorafgegaan. Daar moes voorstellinge van toekomstige moontlike handeling hulle beslis in die bewussyn afgespeel het. Daar kon baie sulke tydelik opkomende voorstellinge of motiewe wees. Hulle sou ook 'n bepaalde voorrang geniet het sodat hulle hul vanself in 'n sekere rangorde sou voordoën. Maar hierdie toestand geld ook nog vir die hede. Die beoefenaar maak hom nog steeds voorstellinge van toekomstige moontlike handeling d.w.s. altyddeur maak bepaalde motiewe nog hulle verskyning. Dis dinge wat hom in die beroep laat volhard. Daar is dus besliste sprake van 'n spel van motiewe toe en tans. Die kernvrae is nou: wat was hulle destyds en wat is hulle nou? Wat was hulle rangorde toe en wat is dit tans? Is dit nog dieselfde of het daar 'n verskuiwing plaasgevind en as daar een plaasgevind het, wat is dan die aard van hierdie verskuiwing? Dit moet hier bygevoeg word dat hierdie vrae vir die skrywer die kardinale was in die hele ondersoek. Ons kan alleen 'n tipologie van pedagogiese aard opbou as ons hom as volle mens in die volle lewens- en werklikheidsverbondenhede insluitende die beroepsverband benader. Ons moet hom begryp soos hy uit sy verstand, wil, gemoed, sin vir waardes en sy lewe van vertroue leef en beweeg.

Soos uit die questionnaire blyk, is sulke moontlike motiewe as voorstellinge van toekomstige moontlike handeling aangebied. Hulle is beslis nie almal motiewe

in die/

in die streng psigologiese sin van die woord nie maar ons meen dat hulle vir werkdoeleindes tog kan deurgaen. Die versoek is gerig dat hierdie moontlike motiewe wat die persoon tot die beroep kon laat besluit het, deur middel van getroue retrospeksie in volgorde van belangrikheid op grond van werklike aanwesigheid destyds geplaas moes word. Dit was 'n moeilike, maar sekerlik geen onmoontlike taak nie. Dieselfde moes gedoen word met die oog op die volharding in die beroep tans. Uit hierdie tweeledige rangskikking kan mens dan die begeertes maar verder ook die sterkte-verhouding van die neiginge en derhalwe die karakter toe en tans rekonstrueer. Die dinamiese en die normatiewe toe en tans sal dan aan die lig tree.

Dit het geen sin gehad om die rangorde van die motiewe toe en tans by elkeen te bestudeer en dan somaar 'n rowwe induksie te maak wat vir 320 onderwysers(esse) geldig sou wees nie. Dit is beslis baie interessant om elkeen afsonderlik te analiseer maar daar moes gegeneraliseer word en dit op verdedigbare gronde. Die volgende weg is ingeslaan.

Aan die motief wat as die eerste geklassifiseer is, is die gewigswaarde 14 toegeken, aan die tweede een 'n gewigswaarde van 13, ens. Aan die motief wat as 14de geklassifiseer is, is 'n gewigswaarde van 1 en aan die motiewe wat glad nie aanwesig was nie (toe) of is nie (tans) 'n gewigswaarde van 0. Deur elkeen van die 240 mans en 80 dames (hulle is eers geslagtelik afsonderlik en daarna gesamentlik geneem) is dus aan elkeen van die motiewe 'n gewigswaarde toegeken. Die gemiddelde gewigswaarde wat aangegee word, is die Rekenkundige Gemiddelde van hierdie 240, 80 en 320 gewigswaardes van elke motief respektiewelik d.w.s. som gedeel deur aantal. Al hierdie gemiddeldes is benaderd tot 2 desimale bereken.

Tabel A.1.

	Gem. Gewigswaarde.
1. Versekerde maandelikse inkomste en 'n bestaanbare heenkome.	10.51.
2. Die verhewe werk en roeping van die opvoeder-onderwyser.	9.39.
3. Studiegeleenthede, geestelike verryking en kulturele ontwikkeling.	8.99.
4. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.	8.35.
5. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid van die toekomst.	6.61.
6. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.	6.36.
7. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.	6.07.
8. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.	5.44.
9. Om die koninkryk van God te help uitbrei.	4.38.
10. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.	4.17.
11. Die gemeenskapsdrang, d.w.s. die gedurige by en omgang met mense.	4.16.
12. Die onwrikbare geloof in die oorwinningskrag van die opvoeding.	3.54.
13. Om 'n magsposisie te beklee en gesag uit te oefen.	3.05.
14. Om politieke oorweginge.	0.94.

DAMES.

Tabel A.2.

1. Versekerde maandelikse inkomste en 'n bestaanbare heenkome.	9.39.
2. Die verhewe werk en roeping van die opvoeder-onderwyser.	8.73.
3. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.	8.69.
4. Studiegeleenthede, geestelike verryking en kulturele ontwikkeling.	8.44.
5. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.	6.84.
6. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid vir die toekomst.	6.76.
7. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.	5.64.
8. Die gemeenskapsdrang, d.w.s. die gedurige by en omgang met mense.	5.38.
9. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.	4.33.
10. Om die koninkryk van God te help uitbrei.	3.94.
11. Die onwrikbare geloof in die oorwinningskrag van die opvoeding.	3.79.
12. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.	2.93.
13. Om 'n magsposisie te beklee en om gesag te kan uitoefen.	1.76.
14. Om politieke oorweginge.	0.49.

Tabel B.1.

1. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.	10.69.
2. Die verhewe werk en roeping van die opvoeder-onderwyser.	10.66.
3. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid van die toekomst.	9.62.
4. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.	9.48.
5. Versekerde maandelikse inkomste en 'n bestaanbare heenkome.	9.38.
6. Die onwrikbare geloof in die oorwinningskrag v.d. opvoeding.	8.4.
7. Om die koninkryk van God te help uitbrei.	7.42.
8. Studiegeleenthede, geestelike verryking en kulturele ontwikkeling.	6.25.
9. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.	5.7.
10. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.	5.51.
11. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.	4.59.
12. Die gemeenskapsdrang d.w.s. gedurige by en omgang met mense.	4.47.
13. Om politieke oorweginge.	2.7.
14. Om 'n magsposisie te beklee en om gesag te kan uitoefen.	2.41.

Tabel B.2.

1. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.	11.15.
2. Die verhewe werk en roeping van die opvoeder-onderwyser.	9.76.
3. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.	9.2.
4. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid van die toekomst.	9.01.
5. Versekerde maandelikse inkomste en 'n bestaanbare heenkome.	8.51.
6. Die onwrikbare geloof in die oorwinningskrag v.d. opvoeding.	8.38.
7. Om die koninkryk van God te help uitbrei.	8.25.
8. Studiegeleenthede, geestelike verryking en kulturele ontwikkeling.	6.88.
9. Die gemeenskapsdrang, d.w.s. die gedurige by en omgang met mense.	5.74.
10. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.	5.39.
11. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.	5.3.
12. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.	5.1.
13. Om politieke oorweginge.	1.11.
14. Om 'n magsposisie te beklee en om gesag te kan uitoefen.	1.08.

TOE.

Tabel A.3.

1. Versekerde maandelikse inkomste en 'n bestaanbare heenkome.	10.23.
2. Die verhewe werk en roeping van die opvoeder-onderwyser.	9.22.
3. Studiegeleenthede, geestelike verryking en kulturele ontwikkeling.	8.6.
4. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.	7.97.
5. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.	6.72.
6. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid van die toekomst.	6.65.
7. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.	5.88.
8. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.	5.49.
9. Die gemeenskapsdrang, d.i. die gedurige by en omgang met mense.	4.46.
10. Om die koninkryk van God te help uitbrei.	4.27.
11. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.	3.86.
12. Die onwrikbare geloof in die oorwinningskrag van die opvoeding.	3.6.
13. Om 'n magsoosisie te beklee en om gesag te kan uitoefen.	2.72.
14. Om politieke oorewinge.	0.82.

Bykomende motiewe by die Here.

7 here het die beroep gekies uit hoofde van die identifikasiedrang, 3 here wou ook o.a. hulle ouers se wense vervul, 16 as gevolg van geldelike moeilikheid, bv. geen fondse, die noodsaaklikheid van hulp aan behoeftige ouers, depressie ens., 2 om dit as springplank te laat dien, 2 omdat dit al uitweg was, 2 omdat die werk liggaamlik nie veeleisend is nie, 1 om o.a. te kompenseer vir minderwaardigheidsgevoel en 1 om o.a. ook "naywerige mense verby te strewe".

Tans bly 7 onderwyseres o.a. in die beroep omdat hulle te oud vir 'n verandering is, 3 om in behoeftige ouerhuise te voorsien, 1 omdat hy talent virworganisasie het, 1 uit liefde vir sy vak en die oordra daarvan, 1 om tot die peil van die ideale onderwyser opte styg, 1 om vir sy minderwaardigheid te kompenseer (dieselfde een as hierbo) en 1 om "naywerige mense verby te strewe". (Ook dieselfde een as hierbo.)

TANS.

Tabel B.3.

1. Die verhewe werk van die opvoeder-onderwyser.	10.44.
2. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.	10.32.
3. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.	9.9.
4. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid v.d.toekomst.	9.47.
5. versekerde maandelikse inkomste en 'n bestaanbare heenkome.	9.17.
6. Die onwrikbare geloof in die oorwinningskrag v.d.opvoeding.	8.39.
7. Om die koninkryk van God te help uitbrei.	7.63.
8. Studiegeleenthede, geestelike verryking en kulturele ontwikkeling.	6.4.
9. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.	5.6.
10. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.	5.41.
11. Die gemeenskapsdrang, d.w.s. die gedurige omgang met mense.	4.79.
12. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.	4.77.
13. Om politieke oorewinge.	2.3.
14. Om 'n magsoosisie te beklee en om gesag uit te oefen.	2.19.

Bykomende motiewe by die dames.

5 dames word onderwyseres a.g.v. 'n gesinstradisie of om die wens van die ouers te vervul, 1 om steun aan die ouerhuis te verleen, 1 omdat sy geen ander loopbaan kon kies nie, 1 as voorbereiding vir die moedertaak, 1 om geld gedurende die lang vakansies te spaar en 1 omdat sy gevoel het dat sy in die onderwys goeie werk sou doen.

Tans bly 1 dame o.a. in die onderwys uit hoofde van die liefde vir haar vak en die doseer daarvan, 1 om die wil van God te doen en 1 omdat dit die geskikte beroep vir 'n nog ongetroude dame is.

Die voorgaande ses kolomme bevat dan 'n opsomming van die rangorde van die motiewe toe en tans. Die bykomende motiewe waartoe die vryheid tot byvoeging verleen is, is van baie geringe aard en is reeds grootliks bespreek. Die kolomme spreek grootliks vir hulleself. Mens kan werklik paragrawe daaroor skrywe, selfs 'n boekdeel. Net enkele opmerkinge word egter gemaak:

By die vergelyking van tabelle A1 en B1, A2 en B2, moet, behalwe deur die orde van rangskikking van die motiewe in die 2 tabelle te vergelyk, ook gelet word op die gemiddelde "gewigswaardes" van die ooreenstemmende motiewe.

Byvoorbeeld: "Om 'n magsposisie te beklee", neem die 13de posisie in by A1 en die 14de posisie by B1, en verder is sy "gewigswaarde" in A1 3.05 terwyl dit in B1 2.41 is. Die feit dat dit in rangorde by B1 laer is as by A1, beteken dat in tabel B1 hierdie motief m.b.t. die ander motiewe laer staan as in A1 - die verskil in "gewigswaarde" dui aan dat die intensiteit van hierdie motief by B1 laer is as by A1.

Verder neem die "Gedagte aan 'n Pensioen" 'n 10de plek in by tabel A1 met 'n gewigswaarde 4.17 terwyl dit by B1 'n 9de posisie inneem met 'n gewigswaarde 5.7. Terwyl die eenposisie-verskil in rangorde vir die 2 gevalle dus nie veel informasie gee nie, wys die aansienlike verskil in "gewigswaarde" duidelik dat hierdie motief by B1 sterker is as wat dit by A1 is.

Interessant hier is dieselfde motief wat 12de plek inneem by A2 met 'n "gewigswaarde" 2.93 en 'n 10de plek by B2 met 'n "gewigswaarde" 5.39. Dit beteken dus dat hierdie motief by dames wat tans nog in die beroep is, byna tweekeer so sterk is as voor hulle toetrede tot die beroep (by die mans is die verskil nie so groot nie). Die verklaring wat voor die hand lê, is dat die dame by haar toetrede baie selde aan 'n pensioen dink terwyl dit wel later (as die moontlikheid vir 'n huwelik baie gering word) 'n motief word wat sy rol in die volharding

in die beroep speel.

Dieselfde soort vergelyking van "gewigswaardes" wys verder byv. dat die sterkste motief by die dames met hulle toetrede ("gewigswaarde" 9.39 volgens A2) veel swakker is as die sterkste motief tans ("gewigswaarde" 11.15 volgens B2).

Al hierdie gevalle is voorbeelde van vergelyking van A1 met B1 en A2 met B2.

Interessant is ook die vergelyking tussen mans en dames (A1 met A2 en B1 met B2) en dis veral hier waar die "gewigswaardes" ons inligting verskaf.

Byvoorbeeld: "versekerde maandelikse inkomste" neem volgens A1 en A2 'n 1ste posisie by beide mans en dames in maar die "gewigswaarde" by A1 is 10.51 en by A2 9.39, m.a.w. by beide mans en dames was dit die sterkste motief maar by die mans was dit intenser as by die dames. Aan die anderkant is die sterkste motief by die mans tans "vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing" met 'n "gewigswaarde" 10.69 (tabel B1) terwyl die "Reine liefde vir die kind" by die dames die sterkste is (tans) maar met 'n gewigswaarde" 11.15 (tabel B1). Dus: die sterkste motief by die dames nl. "Reine liefde vir die kind" is baie intenser as die sterkste motief by die mans nl. "Vaderlandsliefde, nasiediens" ens.

"Die Uitbreiding van die Koninkryk van God" is byv. 7de tans by mans en ook by dames (tabelle B1 en B2) maar die "gewigswaardes" wys dat dit by die dames sterker aanwesig is as by die mans. Net so beklee "politieke" oorweginge 13de plek by albei groepe (B1 en B2) maar dis by die dames veel flouer as by die mans (deur die "gewigswaardes" te vergelyk). Om oor die wyses van moontlike vergelykinge op te som: Tussen die 4 tabelle A1 en B1, A2 en B2 is daar dus 2 maniere van vergelyking en elke manier impliseer 'n vergelyking van rangorde sowel as "gewigswaarde". Die twee maniere is:

(i) A1 met B1 en A2 met B2 d.w.s. die vergelyking tussen die rangorde en "gewigswaardes" van die motiewe toe en tans - mans apart en dames apart.

(ii)/

(ii) A1 met A2 en B1 met B2 d.w.s. die vergelyking van die rangorde en "gewigswaardes" van die motiewe toe tussen die mans en dames (A1 en A2) en tans tussen mans en dames (B1 en B2).

Hierdie wyses van vergelyking van die rangorde en die "gewigswaardes" van die motiewe toe en tans tussen die here en die dames apart en tussen die here en die dames gesamentlik wys mynsinsiens op 'n besonder belangrike verskynsel, naamlik dat ons in werklikheid tussen 'n psigologie van die onderwyser en die onderwyseres moet onderskei. Dit kan ook nie anders nie want die spesiale psigologie wil juis die twee geslagte in hulle wesenverskille en wesenbepaaldheid probeer belig. Die bevindinge in die lig van die rangorde en die "gewigswaardes" van die motiewe "toe" en "tans" wys telkens op die verskille in die rigtinggewende faktore van hulle persoonlikheid.

Maar dit gaan in hierdie studie om die gegeneraliseerde tipe, dus uit man en vrou. Ons moet ons derhalwe ook aan 'n vergelyking tussen die tabelle A3 en B3 hou, al dra dit dan ook die kenmerk van dubbelslagtigheid. Wat word gevind? Die rangorde van die motiewe "toe" vertoon 'n sterk inslag van self-handhawing, selfbevordering en van die drang tot verowering van 'n bepaalde posisie wat moontlike mag en status kan waarborg. Maar hulle word ook in die boonste deel deur 'n sterk sosiale motief deurspek. Mens kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat byna alle neiginge in die spel getrec het, minstens ook die egofilistiese. Die voorstellinge van moontlike toekomstige handeling het die eie persoon op die voorgrond gebring maar togelyk ook die kind. Dit skyn asof daar geweldige botsende begeertes was, maar dat hierdie botsinge tog langs mekaar kon bestaan. Die rangorde vertoon werklik 'n menging van egofilistiese met sosiale en supra-sosiale neiginge. Dit sal werklik moeilik gaan om 'n rangorde van waardes te ontwikkel

wat/

wat botsing-vry is. Maar mens kan dit ook nie anders verwag nie. Die persoon staan nog buitekant die beroep en dis 'n algemene verskynsel dat by 'n eventuele keuse die persoonlike voordele so sterk op die voorgrond sal tree.

Maar wat word gevind wanneer die beroep met sy lief en leed sy stempel op die beoefenaar gedruk het? Daar het 'n opvallende, ondubbelsinnige en onloënbare verskuiwing plaasgevind. Die rangorde in sy geheel en op elke punt is verskillend. Wat is die aard van hierdie verskuiwing? Deurgaans 'n verswakking van die egofilistiese en die vitale neiginge en 'n besondere versterking van die sosiale en die supra-sosiale. Die verskuiwing is 'n gunstige en 'n lofwaardige. Die praktyk het beslis 'n veredelende invloed op hierdie 320 manne en vroue uitgeoefen. Dat 'n motief met 'n skynbaar egofilisties-materialistiese kleur vanaf 'n eerste rangplek by toe na 'n vyfde by tans verskuiwe, spreek tot hulle lof. Dit kan hulle byna ten kwade gedui word. Die verskil in gewigswaarde is gelukkig nie groot nie. En wie durf hulle die drang na finansiële sekuriteit ten kwade dui? Onder toestande van finansiële kommer kan werklik niemand sy verantwoordelikhede behoorlik nakom nie. Dit gaan by hulle werklik in die eerste plek nie om die eie persoon en sy belange nie maar om die van 'n ander. Die ek-middelpuntsoekende kragte het ek-middelpuntvliedend geword. Elke opvallende swoem van selfsug en egoïsme het verdwyn.

Terloops moet hier kortliks op die beskouinge van Franziska Baumgarten teruggekom word. Hy wat hom tot die onderwys wend, sou dan op grond van sy vermeende en werklike gevoel van minderwaardigheid kompensasie vind deur die magposisie wat hom teenoor weerlose kinders te beurt val. Ons ondersoek weerle hierdie beskouing geheel-en-al. Die gedagte van mag en kompensasie beklee 'n dertiende rangplek onder die motiewe toe met 'n "gewigswaarde" 2.72 en onder die motiewe tans kry dit 'n veertiende rangplek met 'n "gewigswaarde" 2.19. Die

geringe rol wat hierdie motief speel, is werklik so gering dat dit geen rol speel nie. Maar dit word gewonne gegee: ons het met 'n oorwegende groep geïntegreerde persoonlikhede te doen, persoonlikhede wat betreklik harmonies na binne en na buite lewe. En waar daar disharmonie, konflikte en spanninge was, is hulle grootliks uit hoofde van beginsels en ideale wat konstantheid van motiewe meebring, oorwin. Baie van ons materiaal het 'n moeilike en ook 'n harde stryd gehad maar dit was juis 'n inspirasie tot prestasie. Ons moet derhalwe tot die gevolgtrekking kom dat vir die geïntegreerde persoonlikheid die gedagte van kompensاسie totaal afwesig is. Dit gaan om beginsels en ideale en nie om die goedmaak van swakhede nie. Maar togelyk word die moontlikheid van kompensاسie nie ontken nie. As die proses van disintegrاسie so ver gevorder het dat dit net om selfhandhawing en selfbehoud gaan, kan iemand sy toevlug daarom tot onderwys neem. Die geval is dan 'n patologiese en die persoon leef nie meer uit beginsels en ideale nie maar terwille van gelding en van magsverowering. Dit kan dan ook aanbeveel word dat 'n persoon met komplekse wat hy of sy op grond van 'n baie harde jeug, 'n baie swak sosiale en kulturele milieu, orgaaninferioriteite en vertroeteling ontwikkel het liewer nie tot die onderwysberoep toegelaat moet word nie. Geslaagde strewing sal die minderwaardigheid dan alleen oorwin en kompensاسie uitskakel indien daar uit beginsels en vir ideale gelewe word. Dan alleen sal die normatiewe in die persoonlikheid die dinamiese kan rig. Maar om tot die hoofgedagte terug te kom.

Die rangorde van die motiewe tans dui dan onbuddelsinnig daarop dat die sosiale en die supra-sosiale neiginge die vitale en die egofilistiese beslissend oorheers. Wat word gevind wanneer die rangorde van motiewe tans nader onder oënskou geneem word? Alles dui daarop dat opperste waarde aan die sedelike, die religieuse, die sosiale, die nasionale en die breed-kulturele gehog word. By 'n rangorde van waardes moet

die/

die religieuse, sedelike en die sosiaal-kulturele vir die opperste waardes deurgaen. Alle doen en late word deur 'n sosiale en 'n diensmotief onderleë. Daar is so goed as totale afwesigheid van ekonomiese, tegniese, sinnelike; magspolitiese en teoretiese motiewe. Die voorstellinge van toekomstige moontlike handeling wêreld sodanige begeertes waarby die sosiale en die supra-sosiale neigings die deurslaggewende rol speel. Dinamies gesien: die karakter wat hier aan die lig tree, is vir die onbevange sedelik-oordelende bewussyn die goedkeurens-waardige karakter. Die sosiale en die supra-sosiale neigings oorheers die vitale en die egofilistiese. Voorstellinge van moontlike toekomstige handeling bring sodanige motiewe in die spel en wêreld sodanige begeertes waarby nie die ek-gerigte neigings die sterkste begeerte vir die wilsbesluit en die daaruit voortvloeiende handeling wêreld nie, maar die jy-gerigtes. Normatief gesien: aangesien die religieuse, sedelike en die sosiaal-kulturele waardes as die opperste waardes gehuldig word, kan mens ook verwag dat die sedelike waarde-uitsprake wat gemaak word, hulle waardebepalende deelname, hulle lewe van loof en laak, van goed- en afkeuring aan die hand van sodanige maatstawwe sal geskied waarby die ek-middelpuntvliedende so goed as totaal verdwyn en 'n jy-middelpuntvliedende op die voorgrond sal tree. Die maatstaf dra die kenmerke van objektiwiteit, onpartydigheid, saaklikheid en onbevooroordeelbaarheid.

Wat betref die inhoudelike gerigtheid van strewing op objektiewe waardegebiedens: sy waardebepalende deelname is gerig op spesifieke waardegebiedens en wel die sedelike, die religieuse, die sosiale en die volkse of nasionale. Sy waardevoorkoor is afhanklik van wat hy lief het en hoogskat en dié is by uitnemendheid die pas vermelde s. Daarom wil hy hierdie waardes verwesenlik sien.

Hierdie/

Hierdie beeld wat ons in die lig van die verskuiwing van die motiewe, die rangorde van waardes, die dinamiese en normatiewe wat aan die lig tree kry, word verder op unieke wyse deur twee ander bevindings uit die ondersoek bevestig:

(i) Ten aansien van die karaktereienskappe en deugde wat hulle enersyds probeer aankweek en die ondeugde wat hulle enersyds probeer bestry en

(ii) waarop hulle hul hoofsaaklik toelê: deeglike onderwys soos mag blyk uit parate kennis en goeie eksamenresultate by die leerlinge dan óf die sedelik-emosioneel-godsdienstig-maatskaplik-kulturele vorming van die leerlinge.

Wat die aankweek van karaktereienskappe betref, word die volgende opsomming in rangorde van die aantal kere dat 'n eienskap en sy aanverwantheid genoem word, aangebied. Eerlikheid, opregtheid, openhartigheid (284), netheid op persoon en werk (191), pligsgetrouheid en deeglikheid (131), verantwoordelikeheidsbesef (113), offervaardigheid, diensvaardigheid, hulpvaardigheid, grootmoedigheid (111), beleefdheid, eerbiedigheid, hoflikheid (108), godsdienstigheid (94), hardwerkendheid, arbeidsaamheid, toegewydheid, (91), selfstandigheid, selfvertroue, besef van eie waarde (82), gehoorsaamheid (78) vriendelikheid (76), lojaliteit (72), vaderlandsliewendheid (69), puntualiteit, noukeurigheid (63), standvastigheid, gesisplineerdheid, selfbeheersing, beginselvastheid (54), volharding, moedigheid, vasberadenheid, deursettingsvermoë (50), naasteliefde, menslikheid (49), reinheid in gedagte, woord en daad (34), idealisme (33), vredeliewendheid, verdraagsaamheid (33), opletendheid, belangstelling (21), spaarsaamheid, oppassendheid (18), nederigheid, liefdevolle onderdanigheid (12), gevoel vir die skone en waardering van die mooie (12), sportmanskap (8), dapperheid, manlikheid (7), logisiteit en nugterheid (7), oorspronklikheid (4), liefde vir die natuur (3), versigtigheid (3), huisvastheid (1), matigheid (1).

Die volgende is die beeld van ondeugde in rangorde van afkeuringswaardigheid: oneerlikheid en diefstal (272), slordigheid op persoon en werk (228), luiheid, laksheid en slapheid (145), onbeloefdheid, oneerbiedigheid (97), pligsversuim (96), ongehoorsaamheid (83), selfsug (74), gebrek aan belangstelling, passiwiteit, lamelendigheid (66), dislojaliteit, veral nuusdraery (65), leuentaai (64), koppigheid (58), ongedissiplineerdheid, luidrigtigheid, losbandigheid (52), onverantwoordelikheid, traak-my-nie-agtigheid, onbetroubaarheid (48), wreedheid, afknou ook op diere (45), ongodsdienstigheid (45), norsheid, buierigheid (44), valse hoogmoed, voorbarigheid, eiegeroentigheid (38), skynheiligheid (33), onselfstandigheid, onbeslistheid, pieperigheid (32), vandalisme (30), minderwaardigheid en gebrek aan selfvertroue (24), onsedelikheid en onreinheid (23), twisgierigheid, rusiesockerigheid, kwaadstokery (20), ledigheid, gemaksug, selfvoldaanheid (20) lafhartigheid (18), onnasionaal of nasionale gedogenereerdheid (12) spandabelheid (8), ondankbaarheid (6), pessimisme (6), sluheid, valsheid (3), grootdoenery (3), geldgierigheid (2) en dwoopsug (1).

By 'n oorsig van hierdie beeld van deugde wat ontwikkel en ondeugde wat bestry moet word, word die onomstootlike bewys gelever dat hulle in die werk van opvoedkundige bemoeienis hulle daarop toeleë om die goeie mens, die sedelik hoogstaande karakter te vorm. Die deugde wat aangekweek en die ondeugde wat afgeloer moet word, is pragtige kontraste van die gehuldigde rangorde van waardes. Oral word in die vooruitsig gestel dat die sosiale en die supra-sosiale, die egofilistiese en die vitale neigings moet oorheers. Elke swoem van selfsug en egoïsme moet teengegaan word terwyl aan elke handeling 'n sosiale en 'n diensmotief ten grondslag gestel moet word. Hulle wil by hulle leerlinge dieselfde rangorde van waardes as wat hulle self huldig, ontwikkel met opperste waardes: die sedelike, die religieuse, die sosials, die nasionale en die kulturele.

In die praktyk moet almal 'n dubbele funksie verrig, naamlik opvoed en onderwys-gee. Waaraan word opperste waarde geheg en waarop val indirek altyd die klem. Die volgende illustreer die posisie.

	<u>Opvoeding</u>	<u>Onderwys</u>	<u>Gelykwaardig</u>	<u>Totaal</u>
Here: Hoofde.	52	13	5	70
Here: Assistentente.	93	45	32	170
Dames: Hoofde.	5	-	-	5
Dames Assistentente.	46	15	14	75
TOTALE.	196	73	51	320

Enkel 23% lê hulle oorwegend op die bybring van parate kennis en kundighede toe. Baie maak die ongevraagde opmerking dat die eksamenafgod soiets van hulle verg. Ons het dit ook hier weer met 'n oorwegende opvoederspersoonlikheid te doen. Ook hier blyk dit nes in die geval by die inspekteurs dat die moontlikhede om goeie onderwys te gee wanneer mens 'n bekwame opvoeder is, baie groter is as die omgekeerde. Dit gaan in die eerste instansie om die ontwikkeling van onmeetbare groothede: die aankweek en die verwesenliking van sedelike, religieuse, sosiale, kulturele en nasionale waardes. Om hulle te bereik, moet die leerling sedelik-emosioneel-kultureel-godsdienstig-maatskaplik-nasionaal gevorm word. Innerlike stabiliteit en bestendigheid skyn die doel van die sedelike opvoeding te wees.

Baie interessant is die beeld wat hulle van die waardige opvoeder-onderwyser aanbied. Dis wesenlik 'n tipologie wat ons hier aantref en een wat in sy breë opset nie die minste afwyk van dié van die inspekteurs van onderwys of van hulle eie nie. Die kenmerkende eienskappe word weer in menigvuldigheid van kere dat hulle genoem word, in volgorde aangebied: opgewektheid, vriendelikheid (183), geduld, verdraagsaamheid (161), godsdienstigheid (112), liefde vir die kind (112), menslikheid, simpatie, naasteliefde, vergewensgesindheid (100), regverdigheid, /

regverdigheid, billikheid, onpartydigheid (92), hardwerkendheid, toegewydheid, ontoesiasme (88), beslistheid, vasberadenheid, doelgerigtheid, durf en daadkrag (76), selfbeheersing, gedissiplineerdheid (69), voorbeeldigheid, fynzemanierdheid, waardigheid (67), Humorsin (61), hulpvaardigheid, diensvaardigheid, onbaatsugtigheid (60), plegtgetrouheid (59), opregtheid, betroubaarheid, eerlikheid (55), verantwoordelikhedsbesef en lewenserns (53), deeglikheid, noukeurigheid (48), netheid op persoon en werk (47), strengheid, beslistheid, gepaard met liefde (47), goeie vakman, goeie vakkenis (44), nasieliefde (39), stabiliteit, egaligheid, konsekwentheid, bestendigheid (38), sterk persoonlikheid (38), geloof in die saak van die opvoeding (32), idealistiese lewensbeskouing (31), belesenheid, algemene kennis, selfontwikkeling (28), mensekennis (27), volharding, deursettingsvermoë (26), takt (26), kultuurdraer, lesers op maatskaplike gebied (23), wakkerheid (20), goeie onderwysmetodes, doeltreffende oordraging van kennis (14), lojaliteit (14), nederigheid en beskeidenheid (13) aanpassingsvermoë by die maatskappy en kollegas (12) liefhebber van sport (10), gedurige aanmoediging (9), kinderlikheid en natuurlikheid (9), oorspronklikheid (5), selfstandigheid (4), sisteem en ordelike voortgang (4), prakties (4), manlikheid (3), erkentlikheid (1) non-diskriminerend (1) en konserwatisme (1). Verdere kommentaar op hierdie stadium is onnodig.

Vervolgens word hulle houding teenoor en die gebruik van sekere middels en metodes wat in die werk van opvoeding en onderwys aangewend word, bespreek. Die volgende opsomming word aangebied. Die syfers dien op die aantal kere dat die middel afgekeur word:

(Tabel sien volgende bladsy)

	A.	B.	C.	D.	Tot	A.	B.	C.	D.
	<u>Onvoorwaardelik</u> <u>afgekeur.</u>					<u>Voorwaardelik.</u>			
Afsnou.	69	169	4	73	315	0	0	0	1
Ged.aanmoediging.	4	20	0	2	26	5	5	1	2
Sosiale verneder.	67	149	5	74	295	0	0	0	0
Sarkasme.	56	122	5	65	248	3	6	0	0
Ignoreer.	35	81	1	34	151	5	2	0	4
Waard.v.prestasie.	0	1	0	0	1	0	0	0	0
Sedeprakery.	53	128	3	53	237	3	1	1	2
Suggestie.	4	4	0	3	11	3	0	0	0
Verwyty.	57	128	5	66	256	2	2	0	1
Samewerking.	0	3	3	1	7	0	0	0	0
Strafhuiswerk.	41	106	0	51	198	7	0	0	0
Aann.v.Inisiatief.	3	7	0	6	16	0	0	0	0
Liggaamstraf.	12	28	3	29	72	10	12	0	8
Beloning.	18	46	2	20	86	0	2	0	3
Detensie.	28	83	2	35	148	1	2	0	3
Vergelyking.	43	91	1	41	176	9	9	1	5

A : Hoofde : Here : 70.
 B : Assistentente Here : 170.
 C : Hoofde : Dames. 5.
 D : Assistentente Dames. 75.

Die aantal kore dat die besondere middel afgekeur word, behoort 'n goeie indikasje te wees van die afkeuringswaardigheid daarvan in die diens van opvoeding en onderwys. Wanneer hierdie beeld nou ongedraai word, kan gesê word dat die orde van goedkeurenswaardigheid na afkeurenswaardigheid van die hier gespesifiseerde middels die volgende is: die waardering van 'n kind se prestasie; samewerking tussen onderwyser en kind; aanmoediging van inisiatief; suggestie; gedurige aanmoediging; liggaamstraf; beloning; detensie; ignoreer; vergelyking van die een leerling met 'n ander; strafhuiswerk; sedeprekery; verwyty; sarkasme; sosiale vernedering en laastens afsnou. Indien mens 50% goedkeuring as die aller waarskynlikste bestaansreg wat 'n opvoedkundige middel nog het, mag beskou, is die laaste sewe almal afkeurenswaardig terwyl die bietjie goed wat miskien nog uit middels soos "detensie" en "ignoreer" gebore mag word, hoogstwyfelagtig word. Dit spreek verder oek baie duidelik dat wat as middel goedkeur en aangewend word, telkens die mens in sy eie waardigheid en selfrespek nie krenk nie. Maar aanstons wanneer hierdie geykte middels by die bespreking van die

bevindinge by die studente ook aan die beurt kom, sal verdere opmerkinge gemaak word.

Tans moet oorgegaan word tot 'n klassifikasie van ons materiaal in verskillende temperamentstipes. Elke tipe is vanselfsprekend 'n indikasie van die gesteldheid van sy wils-, sy voorstellings- en sy gevoelslewe.

Die volgende is gevind.

	<u>H.Here.</u>	<u>Asst.Here.</u>	<u>H.Dames.</u>	<u>Ass.dames.</u>	<u>Tot.</u>
Gepassioneerdes.	6	21	0	20	47
Cholerici.	1	3	0	4	8
Flegmatici.	45	106	4	35	190
Sanguinici.	18	35	1	12	66
Sentimenteles.	0	0	0	0	0
Nerveuses.	0	2	0	1	3
Apathici.	0	1	0	1	2
Amorfe.	0	2	0	2	4
	70	170	5	75	320

Uit hierdie tabelle en totale spring sekere dinge dadelik vorentoe. Die eerste opvallende verskynsel is dat die nie-aktiewe groepe 'n absolute minimum uitmaak - slegs 9 uit die groottotaal en dat nie een hiervan die pos van Hoof beklee nie. Hierteenoor staan die groep met aktiwiteit bodeeld, nl. 311 wat byna 98% uitmaak. Seveel kan dan al dadelik met onwrikbare sekerheid vasgestel word dat bedeeldheid met aktiwiteit 'n onmisbare voorwaarde vir wolslae in opvoedings- en onderwyswerk moet wees. Soos vroeër aangetoon is, het die begrip aktiwiteit betrekking op die ritme en die intensiteit van lewenskrag en die tempo van ontlading van psigiese energie. Mens moet dit ook sien as spontane dryfkrag, deursettingsvermoë en volharding. Dis die spontane gereedheid om konstruktief en positief besig te word en te bly en om 'n handeling of reeks handeling terwille van die vreugde wat daaruit gebore word, maar ook terwille van die verpligtende karakter daarvan spontaan, met beslistheid, spoed en volharding uit te voer. In die beroep is so 'n groot mate roetine aanwesig. Sekere take moet op bepaalde tye afgewerk word in die uitvoering waarvan die beoefenaar hom nie deur toevallige wense en stemminge van koers kan laat bring nie.

Daar/

Daar moet derhalwe vastheid van lewensrigting, resoluutheid en spoed, deursettings- en volhardingsvermoë by 98% van die gevalle wees. Soms minder aangename take, selfs grensende aan sleur, sal nog met blymoedige opgewektheid uitgevoer word.

Wanneer die aktiewe groepe nou nader onder oënskou geneem word, skyn dit of hoë emosionaliteit met primêre funksie ook minder gunstig vir opvoedings- en onderwyswerk is. Daar is slegs 8 cholericici. Mens kan dit ook verstaan: bewussyns-vereniging sonder nawerking of persewerasie gepaard met resoluutheid, spoed en volharding sal die onderwyser baie maklik gevaarlike parte in sy optrede teenoor 'n kind speel. Teenoor die 8 cholericici staan 47 gepassioneerdes, almal bedeeled met emosionaliteit bokant die gemiddelde maar met sterk persewerasie. Dis duidelik waarom hulle 'n voorsprong bokant die cholericici het.

Kom mens by die nie-emosionele groepe met aktiwiteit bedeeled, is dit opvallend hoe hoog hulle verteenwoordig is. Die flegmatici maak byna 60% en die aanguinici 21% van die groottotaal uit. Saam verteenwoordig hulle 80% van die geheel. Behalwe dus in die uitvoering moet die oorsaak vir opvoedings- en onderwyswelslae ook in die faktore wat die wilsproses voorafgaan, gesoek word.

Vroeër is taamlik uitvoerig oor die invloed van hoë emosionaliteit gehandel sowel as oor die betekenis van geremdheid of besonnenheid. Tans kan derhalwe net opgesom word. By die flegmatici as groep wat die sterkste verteenwoordig is, sal daar soos die prikkels kom, weinig verenging van die bewussyn plaasvind en gevolglik nie tot 'n beperking van die aantal inhoude wat toegang tot die bewussyn kry, kan lei nie. Die motiewe kry telkens vrye spel, die denkfunksies word nie gerem nie en weinig impulsiwiteit of voortvarendheid behoort te bestaan. Daar word besin alvorens daar gehandel word. Dieselfde geld vir die

sanguinici./

sanguinici. Gepaard hiermee kry ons wat die flegmatici betref, nog sekondêre funksie. Hulle staan minder oop vir prikkels en reageer stadig daarop. Daar word telkens oor een saak gehandel en daarby sluit nog 'n betreklike sterk persewerasie van die voorstellinge aan. Hulle bewussyn is ruim, die nawerking lank, veral die invloed van inhoude uit die onderbewuste. Hulle dink na, besluit en handel in die lig van al die gegewens. Dis heeltemal oorbodig om verder daarop te wys hoe gunstig 'n kombinasie van eienskappe soos by die flegmatici vir die algemene houding teenoor 'n kind is. 'n Kind is so goed as veilig in die hande van die flegmatiker.

Die sanguinici met hulle primêre funksie ontvang die prikkels baie vinnig en slaag daar baie goed in om van die een inhoud vinnig na die ander oor te gaan. Daar is vinnige aanpassinge en vinnige reaksie; die beleefde inhoude sak vinnig weg en oefen weinig bepalende invloed op die nuwe situasie uit. Swak persewerasie het 'n minder gunstige invloed op die spel van motiewe. Voorstellinge van toekomstige moontlike handeling kom en gaan en 'n hele reeks sake word tegelyk aangepak. Die afwesigheid van oormatige emosionaliteit werk gunstig hierop in, vandaar die voorsprong wat die sanguiniker bokant die cholerikus het. Die sanguinici is goeie onderwysers want hulle kan hulle so vinnig by die gedurig-wisselende situasies in die klaskamer aanpas. Daarby besit hulle die nodige resoluutheid, spoed en volharding. Die gepassioneerdes se bewussyn kan maklik vereng word; hulle belangstelling word egter gou gewek en hulle kan intense entoesiasme vir 'n saak ontwikkel. Hulle besit opvallende gevoelswarmte vir 'n saak, staan oop vir indrukke en het 'n warm hart. Hulle kan liefhê en kan simpatiseer, alles so nodig by die werk van opvoeding en onderwys. Die motiewe kry wel minder vrye spel en minder word ook alle aspekte van 'n saak in oënskou geneem. Hulle het egter hierdie voorsprong op die cholerici nl. dat vroeëre ervarings 'n remmende en 'n besinnende invloed op die nuwe indrukke uitoefen. Die oopstaan en die vatbaarheid vir indrukke gepaard met sterk persewerasie en

deursettingsvermoë maak hulle besonder geskik vir die werk van opvoeding en onderwys.

Dit wil derhalwe voorkom, en die verklaring is ook voor die hand liggend, dat die suksesvolle opvoeder-onderwyser by uitnemendheid tot een van hierdie drie temperamentstipes behoort: flegmatics, sanguinics en gepassioneerd. Die kombinasie van eienskappe is gunstig vir die gedurige kontakte wat daar met 'n kind gemaak moet word. Verder kan mens ook verwag, en ons materiaal bevestig dit ook, dat baie meer dames as mans tot die gepassioneerde groep sal behoort en omgekeerd meer mans as dames tot die sanguinici. Uit die tabelle blyk dat 25% dames en 11% here gepassioneerd is terwyl 22% here en 16% dames sanguinics is. Die aantal gevalle wat ondersoek is, is te beperk om daaruit te generaliseer maar die vermoeding word gekoester dat gepassioneerdeheid by dames en here in omgekeerde verhouding tot 'n sanguiniese temperament by die here en dames staan. Die flegmatici is blykens die tabelle gelykop verdeel: 48.8% dames en 47.2% here is flegmatici.

Dit mag miskien verbasing wek dat so min dames tot die emosionele groepe behoort. Mens sou verwag dat hulle emosionaliteit bokant die gemiddelde lê. Maar in die lig van hulle hoë gemiddelde diensjare kan op grond van die waarskynlike uitgeslotenheid tot die huwelikslewe die vermoeding gekoester word dat daar 'n afname, maar geen afstomping nie, van die gevoelslewe ingetree het. Baie het in hulle antwoorde op die vrae oor emosionaliteit die opmerking gemaak dat hulle dit vroeër wel was, nl. besittende die eienskappe van die emosionele mens.

Om dan op te som: aktiwiteit is vir opvoeding en onderwys so goed as onmisbaar; gepaard hiermee is emosionaliteit met besonnenheid gunstige faktore terwyl nie-emosionaliteit met of sonder geremdheid en besonnenheid besonder gunstig stem. Die breë algemene eienskappe van die flegmatici, die sanguinici en die gepassioneerdes bevestig verder ook die algemene beeld

van/

van noodsaaklike kenmerke wat reeds genoem is. So byvoorbeeld. is die flegmatici o.a. reëlmatig werksaam, volhardend, bedagzaam, by teëspoed nie gou uit die veld geslaan nie, volhardend, geduldig, resoluut, kalm en gelykmatig van stemminge, goed gehumeurd, verdraagsaam, bedaard in hulle optrede, metodies en sorgvuldig, geloofwaardig, punktuëel, moedig, betroubaar ook in geldsake, modelydend en hulpvaardig, filantropies werksaam, onbaatsugtig en lief vir kinders, om maar net enkele te noem. Die sanguinici is prakties, handig, reëlmatig werksaam, volhardend, redelik gelykmatig van stemming, besonder vrolik, geestig en opgewek hoewel effens oppervlakkig, vryheidsliewend en vryheidslatend. Die gepassioeerdes weer kenmerk hulle deur 'n uitgesproke vaderlandsliefde, 'n liefde tot die medemens, godsdienstig, **konsiensieus**, eerlik, betroubaar, lief vir studie, selfondersoekend, metodies, verantwoordelik, baie beslis, enigsins konserwatief, filantropies en hulpvaardig en daarby goed vir ondergeskiktes. Hierdie paar genoemde eienskappe van elk lewer afdoende bewys dat hulle uitstekend geskik vir die belangrike werk van opvoeding en onderwys is.

Tans resteer nog enkele sake wat in verband met die gegewens wat deur bekwame leerkragte verstrekkend is, hier aangebied moet word. Op die vraag of hulle sosiaal van aard is deur byvoorbeeld maklik kontak met mense te maak, graag te besoek en besoek te ontvang, is die volgende 'n opsomming: Van die 320 hou 219 beslis daarvan om met mense in kontak te kom, graag te besoek en besoek te ontvang. Hulle gemeenskapsdrang is derhalwe baie goed ontwikkel en hulle sosiale aanpassingsvermoë dus in orde. Goed 70% moet derhalwe as ekstrovert beskou word. Hulle leef oorwegend na buite en is sosiaal van aard. Vir die gemeenskap beteken hulle derhalwe ook iets.

Wat spekulasie betref: 282 waag niks. Daarvoor is hulle nie alleen te min waaghalsig nie maar glo hulle ook aan geen opportunistiese lewenspel nie. Dit wil geensins sê dat

hulle/

hulle geen lewensvisie of ondernemingsgees het nie. Die bedoe-
ling is dat hulle veel liever alleen wil leef uit wat hulle
deur eerlike en toegewyde arbeid verdien. Hulle is derhalwe ook
anti-materialisties en sien in verryking wat op spekulاسie volg,
tog net 'n element van roof op 'n ander se sak. Hulle verant-
woordelikheid teenoor hulleself, hulle afhanklikes en hulle
naaste is te groot om op "gelyke kansen" af te storm. Dit dui
verder ook op die besondere agting wat daar vir eerlike arbeid
met sy beloning gekoester word.

Hulle is verder oorwegend konserwatief en tradisioneel
gebonde. Van die groot totaal is 247 geheg aan ou gebruike,
leefswyses, sedes, ens. Hierdie dinge oefen ook bepalende
invloed op hulle lewensgang uit en moet derhalwe hulle houding
teenoor gevestigde norme, gebruike en leefswyses gunstig affek-
teer. Die waardevolle uit die verlede is van meer waarde as 'n
blinde opgaan in die nuwe. Die bekwame opvoeder-onderwyser
moet derhalwe as baie konserwatief en tradisioneel gebonde
beskou word. En dit is goed dat dit so is. Immers opvoeding
veronderstel by uitnemondheid 'n inlei in die blywend-waardevolle,
die ewige en die ewig-geldende.

* Interessant is dit om te let op die spesiale begaafd-
heid in die een of ander rigting. Dus behalwe 'n goed ont-
wikkelde algemene verstandelike begaafdheid is daar ook nog 'n
spesifieke begaafdheid in die een of ander rigting. Dit beteken
ook dat daar stokperdjies en private liefhebberij op nagehou
word en dat die vrye tyd positief en konstruktief bestee word.
Die volgende gee die posisie weer. Alleen die belangrikstes
word hier genoem.

Bedondere/

<u>Besondere rigting.</u>	<u>Here.</u>	<u>Dames.</u>	<u>Totaal.</u>
Handvaardigheid.	181	65	246
Atletiek.	139	31	170
Redenaarstalent.	128	16	144
Musiek.	91	44	135
Voordrag.	108	21	129
Kunsinnigheid.	82	44	126
Sang.	88	34	122
Skrywerstalent.	86	19	105
Sport.	26	1	27
Digkuns.	25	2	27
Organisasietalent.	16	1	17
Tuinbou.	9	1	10
Toneelkuns.	3	1	4
Argitektuur.	1	1	2
Verpleging.	-	1	1
Fotografie.	1	-	1

Hieruit spreek duidelik hoe sterk die ekstroverte inslag en die sosiale diensmotief is wat die meeste van hierdie aktiwiteite onderlê. Dis ook besonder opvallend hoe sterk die estetiese vorentoe kom. Met reg kan dan ook beweer word dat 'n pedagogiese tipologie 'n estetiese motief moet impliseer. Naas die goeie en die ware word ook aandag aan die skone geskenk. Dit tref dat 'n pedagogiese tipologie 'n sterk inslag van die platoniese dra. Maar baie van hierdie rigtinge staan beslis ook in die diens van die gemeenskap of dat hulle in die beoefening daarvan minstens vir gemeenskapsdiens aangewend kan word. Sulke na die gemeenskap gerigte aktiwiteite wys nogeens op die oorwegende ekstroverte geesteshouding van die beoefenaars van die beroep.

Laastens word oorgegaan tot die lewe van afhanklikheid, geloof en vertroue. Op die vraag of daar ook waarde aan die Christelike godsdiens geheg word, antwoord 318 bevestigend en die meeste selfs in die oortreffende trap. Alleen twee here-assistente vorm hierop 'n uitsondering. Die een heg baie min waarde daaraan en die ander min in die skool. Daar mag dus met onomstootlike sekerheid gesê word dat die waardes van die Christendom opperste voorrang en voorkeur geniet. Dit verklaar ook waarom die vorming van die goedkeuringswaardige karakter soveel aandag geniet en ook waarom aan die meeste aktiwiteite/

aktiwiteite in sosiale motief ten grondslag lê. Of daar aan die moontlikheid van die opvoeding geglo kan word, antwoord almal bevestigend behalwe dat deur een hoof die opmerking gemaak word dat soiets alleen in 'n beperkte mate die geval is. Mens kan jou nouliks iets anders inbeeld. Ten aansien van die vraag of die kwaai uiteindelik deur die goeie moet en kan oorwin word, is vyf here (hoofde) van oordeel dat soiets in hierdie bedeling nie moontlik is nie; sewe here-assistente deel dieselfde sienswyse en drie dames is skepties oor die moontlikheid van die oorwinningskrag van die opvoeding.

Wat bewys die voorgaande: hulle doen hulle werk nie in 'n gees van gewaande heroïeke selfstandigheid en eiewaardigheid nie maar in 'n oorwegend biddende opsien tot Hom wat die Bron van alle Lig, Lowe, Liefde en Krag is. Verder glo hulle in die waarde en die veredelende krag van hulle eie werk sowel as dat dit deur opvoeding moontlik is - menslik gesproke om die wêreld in 'n ewentueel betere rigting te stuur. Hulle doen hulle werk in Geloof, Hoop en Liefde maar die meeste hiervan is die Geloof, die Hoop en die Liefde.

Die bring ons aan die einde van die bewerking van die empiriese materiaal wat deur die 320 bekwame opvoeder-onderwysers verskaf is. Dit sal opgemerk word dat baie min aandag aan die spesifiek verstandelike gewy is. Die algemene aanpassingseienskappe as psigologiese aspekte van die persoonlikheid soos die intellektuele funksies insluitende die intelligensie, algemeen en besonder, het werklik weinig op die voorgrond getree. Was dit werklik nodig? Ons glo nie, want die verstandelike funksies maak wesenlik 'n baie klein deeltjie van die persoonlikheidsgeheel uit. Die intelligensie is maar alleen 'n wegwysers, 'n indikasie van waartoe die persoon in staat is as hy wil. Dus: waartoe iemand dit gebring het, is beslis van belangriker faktore as sy intelligensie afhanklik. 'n Hoë mate van intellektuele begaafdheid is beslis nodig, want

soos reeds aangetoon is, word gedurig 'n beroep op die voorstellingslewe gemaak. Iemand met 'n I.K. van benede 110 kan mynsinsiens nie 'n geslaagde onderwyser(es) wees nie. Vir ons hoërskole met sy vakonderwys en akademiese vereistes is 'n I.K. van 120 seker die minimum. Hierdie hoër vereiste intellektuele vermoëns is almal soveel handige en noodsaaklike hulpmiddels, maar hulle kan ook lastighede word. Dit gaan nie om die persoon met die skitterende intellek nie maar om hom wat motiefkrag en deursettingsvermoë besit, om hom wat nie deur 'n teoretiese motief aangevuur word nie maar deur 'n sosiaal-sedelik-religieuse een. Ons soek na die gëintegreerde persoonlikheid wat harmonies na binne en na buite lewe. Hier moet tegelyk ook vermeld word dat geen intelligensietoetse op die 300 studente uitgevoer is nie. Hulle het almal in die eind-eksamen van die hoërskool geslaag en daartoe was nodig (1) 'n I.K. van minstens 100. Ons glo wel dat baie van hulle blykens die eksamenuitslae tot die geniale groep behoort. Die rigtinggewende faktore in die persoonlikheid bly deurgaans die belangrikste .

Op hierdie stadium word nog geen opsomming van die bevindinge gemaak nie. Wanneer die gegewens van die 300 aspirant-onderwysers(esse) verwerk is, sal 'n opsomming van die totale bevindinge aangebied word.

3. GEGEWENS VAN STUDENT-ONDERWYSERS. In verband met die aanbieding van die bevindinge uit die gegewens van die 300 aspirant-onderwysers word dieselfde orde as dié in die vraeboek self gevolg.

Die gemiddelde ouderdom tydens die keuse is by die here byna 15 jaar : die jongste agt en die oudstes 20. By die dames is dit die lae syfer van net oor die 12 jaar. Twee het hulle "keuse" nog voor toetreding tot die skool gemaak, en 18 reeds op sesjarige leeftyd. Hulle kon dus werklik

organies/

(1) Cf. van Rensburg: Sielkunde, 189.

organies deur die opleiding in die beroep ingroei. Die gemiddelde ouderdom van keuse by hierdie here vergelyk gunstig met dié van die 240 here. Daar was die gemiddelde ouderdom 18 jaar. Hierdie daling moet toegeskrywe word aan die feit dat leerlinge teenswoordig op 'n jonger leeftyd die hoërskoolkursus deurloop en hulle dus feitlik gedwing word om vroeër te kies. Mens kan derhalwe met veiligheid beweer dat die gemiddelde man sy beroep teen die einde van sy hoërskoolloopbaan kies.

By die dames kry ons 'n verskil van drie jaar. Sou dit aan die doeltreffende onderwysmetodes en aan die aangename skoollewe toe te skrywe wees? 'n Antwoord kan moeilik gegee word. Dit wil tog voorkom asof die dogter omdat sy in werklikheid tog nie vir die beroepswêreld bedoel is nie, nooit so pertinent voor dié keuse as die seun geplaas word nie. Dié wat op gevorderde leeftyd eers gekies het, wou - dit bewys ons materiaal - eers 'n ander beroep beoefen maar moes later deur omstandighede of andersins na die onderwys.

Wat die bekorendste beroepe betref, staan vir die here onderwys bo-aan (41), dan volg medisyne (22), dan die evangeliebediening (19), boerdery (16), ingenieurswese (14), regte (10). Die ander beroepe is so uiteenlopend en die bekoring maar baie gering dat hulle nie genoem word nie. Vir die dames is daar oorwegend vier beroepe wat bekoor het nl. die onderwys (91), verpleging (22), medisyne (17) en sosiale werk (5). Die ander is net so uiteenlopend as by dié van die here. Die volgorde van bekoring is by die here presies dieselfde as by die van vroeër. By die dames is die volgorde vir die eerste drie dieselfde as by die 80 ondersoekte gevalle, behalwe dat sosiale werk teenswoordig meer dames as vroeër lok.

Ten aansien van die kwessie van 'n ewentuele verandering van keuse sal 96 hiere nie wil verander nie. Die opleiding het dus reeds 55 nuwe rekrute gewerf. Van die 54 wat sou verander, verkies die geneeskunde (10), die boerdery (10), evangeliebediening (6), regte (4), die handel (4) en ingenieurswese (4)
as/

as die beken rikstas. Van die dames sal 38 wil verander. Dus sal hier het die opleiding 31 vir sy saak gewen. Die volgorde van aantreklikheid by 'n ewentuele verandering is verpleging (11), sosiale werk (9) en medisyne (6).

Wat lei mens hieruit af? Die onderwysberoep trek sy rekrute waarskynlik vir die grootste deel uit dié wat daarvoor voel maar dat die opleiding die liefde by baie kan aanwakker. Die beroep se grootste vyand bly in die geval van die man maar die professies, veral die medisyne. Die dame se ewentuele verandering is gelukkig nog altyd van 'n sosiaal-dienende aard.

Het betrekking tot voorligting is gevind dat 106 here die beroep selfstandig gekies het. Van die 44 wat geadviseer is, kom die oer aan 27 onderwysers toe. Die invloed van die beroeps-voorligters begin nou ook merkbaar word. Daar is reeds een by die here en 2 by die dames. Van die dames het 101 die beroep selfstandig gekies. Dié wat geadviseer is, het dit o.a. deur bemiddeling van 31 onderwysers gedoen. Die onderwysers bly derhalwe die grootste werwers vir die beroep self. Maar soos reeds opgemerk is, bly dit 'n ander vraag of hulle nie miskien baie afraai nie. Hieroor het mens geen kontrole nie.

Van die 150 here is niemand deur die gratis opleiding gelok nie maar wel een dame. Wel was 38 here en 13 dames van die beurslening afhanklik. Die nood van omstandighede sal dus altyd 'n aansienlike doel laat beland waar hulle miskien nie sou wou wees nie. Dieselfde verskynsel van vroeër openbaar hem dus ook vandag nog.

Ten opsigte van dwang: 10 here en 7 dames moes die beroep onder dwang kies hoewel dit oorwegend onder die druk van materiële nood geskied het.

Die voorgaande reeks gegewens is ingewin alleen om te sien of daar met betrekking tot die ouderdom by keuse, die beroepe wat die meeste bekeur, die nuwe keuses by ewentuele verandering, voorligting, gratis opleiding, beursleninge en dwang enige verandering ingetree het. Oor die breë linie gesien, is die posisie onveranderd, behalwe dat daar beslis meer voorligting gegee word. Daar is 'n daling in die selfstandigheid van keuse van 82% (264 uit 320) na 69% (207 uit 300).

Vervolgens word oorgegaan tot die rangorde van motiewe by die keuse van die beroep. Soos reeds opgemerk is, is een ekstra motief bygevoeg. Die psigologiese aspekte is dieselfde as in die reeds bespreekte gevalle en die metode van bewerking soortgelyk sodat direk tot die bevindinge van hierdie onderdeel van ondersoek by aspirant onderwysers(esse) oorgegaan kan word.

HERE.

1. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.
2. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.
3. Die verhewe werk van die opvoeder-onderwyser.
4. Versekerde maandelikse inkomste.
5. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid van die toekoms.
6. Om die koninkryk van God te help uitbrei.
7. Baie vakansies, vrye naweke en middag, periodieke lang- en siekteverlof.
8. Geloof in die oorwinningskrag van die opvoeding.
9. Studiegeleenthede en geestelik verryking.
10. Om 'n bepaalde status in die maatskaplike lewe te beklee.
11. Die gemeenskapsdrang.
12. Om 'n magposisie te beklee en gesag te kan uitoefen.
13. Die identifikasiedrang.
14. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.
15. Om politieke oorweginge.

DAMES EN HERE.

1. Reine liefde vir die kind en die drang om te help.
2. Vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing.
3. Die verhewe werk van die opvoeder-onderwyser.
4. Versekerde maandelikse inkomste.
5. Studiegeleenthede, geestelike en kulturele verryking.
6. Pligsbesef en medeverantwoordelikheid.
7. Om die koninkryk van God te help uitbrei.
8. Die onwrikbare geloof in die krag van die opvoeding.
9. Baie vakansies, vrye naweke en middag.
10. Om 'n bepaalde status te beklee.
11. Die gemeenskapsdrang.
12. Die identifikasiedrang.
13. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag.
14. Om 'n magposisie te beklee en gesag uit te oefen.
15. Om politieke oorweginge.

DAMES.

- | | | |
|--------|---|--------|
| 10.38. | 1. Reine liefde vir die kind. | 12.37. |
| 9.29. | 2. studiegeleenthede en kulturele ontwikkeling. | 10.83. |
| 8.99. | 3. Versekerde maandelikse inkomste. | 9.21. |
| 8.56. | 4. Die verhewe werk en roeping van die opvoeder-onderwyser. | 9.13. |
| 8.04. | 5. vaderlandsliefde, nasiediens en nasieverheffing. | 8.17. |
| 6.98. | 6. Om die koninkryk van God te help uitbrei. | 8.01. |
| 5.89. | 7. Pligsbesef en medeverantwoordelikeidsgevoel. | 7.83. |
| 5.86. | 8. Baie vakansies, vrye naweke en middag, ens. | 7.37. |
| 5.79. | 9. Die geloof in die oorwinningskrag van die opvoeding. | 7.17. |
| 4.5. | 10. Om 'n bepaalde sosiale status te beklee. | 5.67. |
| 4.45. | 11. Die identifikasiedrang. | 4.14. |
| 4.26. | 12. Die gemeenskapsdrang. | 3.75. |
| 3.96. | 13. Die gedagte aan 'n pensioen op die oudag. | 2.77. |
| 2.98. | 14. Om politieke oorweginge. | 0.57. |
| 1.83. | 15. Om 'n magposisie te beklee en gesag uit te oefen. | 0.4. |

10.83. Die rangorde van die motiewe vir beide geslagte afsonderlik en gesamentlik spreek grootliks vir hulle self. Dit is egter opvallend hoe hoog "Vaderlandsliefde" by die here toets in vergelyking met die dames en omgekeerd hoe hoog "studiegeleenthede" weer by die dames klim met die korresponderende "gewigswaardes" van die motiewe. Mens kom werklik tot die oortuiging dat die nasionale waardes by die here 'n baie belangrike rol speel, terwyl die ouerlike instink by die dames baie sterker volgens die "gewigswaardes" is as by die here. Dit is verder opvallend dat by al drie kolomme die ses motiewe wat die laagste toets dieselfde bly hoewel die rangplek en die "gewigswaardes" varieer. Die drang tot identifikasie toets besonder laag. Maar nogeens nes in die vorige kolomme tref dit ook hier dat die sosiale en die supra-sosiale neiginge 'n beslis oorheersende rol speel. Die gedeeltelik egofilistiese motiewe lê weereens nog vermeng met die sosiale en die supra-sosiale sodat daar om verskeie redes tot die beroep besluit is. Dit gaan gedeeltelik om die eie persoon maar oorwegend om 'n ander. Ook hier staan die sedelike, religieuse, sosiale en nasionale waardes boaan. Die kolomme vergelyk uitstekend met die ander groepe toe; hulle oortref hulle selfs en kom wel veel nader aan die rangordes van tans. Dit skyn werklik as of ons op die regte pad kan wees.

- 4.1.
- 4.05.
- 2.88.
- 2.33.
- 1.2.

800
W- / 20036
296-296
472-296

Dit mag interessant wees om die voorgaande rangorde van motiewe met dié uit 'n ondersoek in 1942 te vergelyk⁽¹⁾ (Hierdie ondersoek het geen invloed op die eie ondersoek uitgeoefen nie.) Alleen die bevindinge word weergegee. Die verskille spreek ook vir hulleself. Hier is sewentien moontlike motiewe genoem: "desire to continue own education; secure job; fondness for children; fondness for teaching; interest in special subject; possibility of doing good; parents' wish; nothing better to do; good salary; loan or grant making career possible; good holidays; easy job; teachers' wish; enjoyment of feeling of power; example of admired person; improved social position" en "insurance against not being married". Die bevindinge was as volg:

(i) The two most influential motives in the choice of the teaching profession were the attractions of a secure job, first in weight amongst the men and second amongst the women, and fondness for children, second in weight amongst the men and first amongst the women.

(ii) Of all the seventeen motives considered, the seven which rank as most important and carry over two-thirds of the total weight, are the same in the case of both men and women (junior and Senior), namely, secure job, fondness for children, interest in a special subject, desire to continue one's own education, fondness for teaching, the possibility of doing good, and the good salary. Amongst women (Infant and Junior) good holidays and the wish of a parent displace the possibility of doing good and interest in a special subject in the first seven motives.

(iii) Some weight is carried amongst both men and women by a parent's wish, less by the attractions of good holidays and an easy job, and singularly little by the negative motive of having nothing better to do.

(iv) When different groups of motives are weighted, motives which can be accounted as desirable carry almost half the total weight; selfish motives exert about one-third of the total influence and incidental motives the remaining weight.

(v) The wish to become a teacher is first formed considerably earlier amongst girls than amongst boys, two-thirds of the women having first formed the wish at the age of 12 or below, and one half of the men between the ages of 15 and 16.

(vi) The decision to take up teaching is made earlier amongst girls than amongst boys. Of the men more than two-thirds made the decision between the ages of 16 and 17 and almost three-quarters had decided by the age of 16. Of the women (Junior and Senior) about two-thirds made the

decision/.....

(1) Tudhope: Motives for the Choice of the Teaching Profession by Training College Students, British Journal of Educational Psychology XIV, 129-141.

decision between the ages of 14 and 16 and more than four-fifths had decided by the age of 16. Of the women (Infant and Junior) more than two-thirds made their decision between the ages of 15 and 17 and four-fifths had decided by the age of 16.

(vii) Almost two-thirds of the men and three-quarters of the women decided to take up teaching before the beginning of their sixth form career. Only 7 per cent. of the whole group decided later than their first year in the sixth form.

(viii) There are some interesting similarities in the motives which influence Training College students and University students, in the weight of desirable and other motives, and in the age of decision to become a teacher."

Ten aansien van die keuse wat uit 'n aantal lofwaardige eienskappe van die opvoeder-onderwyser gemaak moes word, gee die volgende tabel die voorkeur van die eienskappe in volgorde weer:

<u>Eienskap.</u>	<u>Here.</u>	<u>Dames.</u>	<u>Totaal.</u>
Godsdienssin	112	84	196
Verantwoordelikheidsbesef	110	68	178
Deursettingsvermoë	84	64	148
Pligsgetrouheid	91	54	145
Regverdigheid	76	62	138
Selfbeheersing	79	49	128
Vaderlandsliefde	84	36	120
Beslistheid	73	44	117
Onuitputlike geduld	56	55	111
Blymoedige Opgewektheid	58	49	107
Eerlikheid	68	38	106
Opofferende menseliefde	56	50	106
Humorsin	58	43	101
Beginselvastheid	46	56	101
Sportmangees	68	22	90
Netheid	45	40	85
Kameraadskap	56	27	83
Verfyndheid	31	44	75
Egaligheid van Optrede	46	25	71
Arbeidsaamheid	49	19	68
Vakkennis	50	12	62
Vergewingsgesindheid	28	27	55
Onberispelike lewenswandel	31	22	53
Geloof in die Mens	23	20	43
Punktualiteit	9	13	22

Hierdie eienskappe in volgorde van menigvuldigheid van keuse gee ons nog 'n faset van die beeld van die lofwaardige opvoeder-onderwyser. Indien mens alleen op die eienskappe wat meer as 'n honderd keer genoem word, let,

blyk/.....

blyk dit nog n keer hoe prominent die voornoemde objektiewe waardegebiedens weer vorentoe kom nl. die religieuse, sosiale en nasionale. Omdat hierdie eienskappe verder so sterk om die persoon van die opvoeder draai, word ook op die noodsaaklikheid van die oorheersing van die vitale en die egofilistiese deur die sosiale en die supra-sosiale nogeens die klem gelê. Die belangrikheid word sterk benadruk, maar nie minder nie ook die belangrikheid van aktiwiteit met wat hiermee saamhang. Mens kry met niks minder nie as die geïntegreerde persoonlikheid te doen waarby weereens die aksent op die rigtinggewende faktore daarin val.

Laastens kom met betrekking tot die materiaal wat van die 300 aspirant onderwysers(esse) ontvang is, die kwessie van metode of wyse van kontak-maak met die opvoedeling aan die beurt. Hieroor moet 'n bietjie vollediger gehandel word. Dit sal uit die enquêtes blyk dat hier n paar ekstra middels as in die vorige een bygevoeg is. Daar is aan alle moontlike direkte middels van kontak tussen onderwyser en leerling gedink. So kon 'n twintigtal gevind word. Die bedoeling was dat daar eerstens n keuse tussen goed- en afkeurenswaardigheid van die middels gemaak moes word. Maar aansluitend moes daar ook n rangorde aan goed- sowel as afkeurenswaardigheid gegee word. Die bedoeling was om te probeer bepaal watter middels werklik goed- en watter afkeuring geniet maar ook hoedat daar n geleidelike oorgang van goed- na afkeuringswaardigheid plaasvind. Die bevindinge kan dan ook met die vorige vergelyk word. Op die manier kry mens dan ook n beeld van die wyse van optrede van die opvoeder-onderwyser teenoor die kind. Dit word as n baie belangrike aspek van die hele ondersoek beskou. Aan die bewerking van die gegewens is ook heelwat aandag geskenk. Eers word n uiteensetting van die metode van bewerking gegee, daarna die rangorde vir die geslagte apart en gesamentlik.

Die resultate is as volg verkry: veronderstel 'n persoon keur 9 van die 20 middels goed en dat hulle in volgorde van belangrikheid gerangskik is.. Aan sy eerste keuse is dan die "gewigswaarde" 9 toegeken, aan sy tweede keuse die "gewigswaarde" 8 ensovoorts. Dieselfde persoon sal dan 11 uit die 20 middels afkeur en in volgorde van afkeurenswaardigheid rangskik. Aan die middel wat hy die meeste afkeur, word dan die gewigswaarde" 11 toegeken, aan die een wat hy die tweede meeste afkeur 'n "gewigswaarde" 10, ens. tot by die een wat hy die minste afkeur met 'n "gewigswaarde" 1.

Dit bring vanselfsprekend mee dat die middel wat die mins-belangrikste onder die goedkeurenswaardige groep is en dus 'n gewigswaarde 1 het, naby aan die middel lê onder die afkeurenswaardige groep wat die minste afgekeur word met 'n gewigswaarde 1. Verder lei dit ook daartoe dat die belangrikste goedkeurenswaardige middel en die een wat die meeste afgekeur word, uiterste posisies inneem, want eersgenoemde het dan die grootste positiewe "gewigswaarde" wat in die geval toegeken is en laasgenoemde die grootste negatiewe gewigswaarde, of streng wiskundig gesproke die kleinste gewigswaarde wat in die geval toegeken is. Hierdie prosedure is vir elke persoon se keuse en rangskikking gevolg.

Dit het meegebring dat sommige van die middels net 'n positiewe gewigswaarde het, d.w.s. deurgaans is die middel goedgekeur. Netso het 'n middel wat deur niemand afgekeur is nie, alleen 'n negatiewe totale gewigswaarde. Sommiges het 'n totale positiewe sowel as negatiewe "gewigswaarde". In sulke gevalle is die algebraïese totale gewigswaarde gevind. As mens daarna al die wat finale positiewe gewigswaarde het na gelang van hulle gewigte rangskik, staan die belangrikste een bo-aan en die mins-belangrike laaste - almal goedkeurings-

waardig/.....

waardig. Neem mens nou dié met finale negatiewe gewigswaardes, d.w.s. almal wat afkeurenswaardig is en rangskik mens hulle vanaf die een met die kleinste negatiewe tot die een met die grootste negatiewe gewigswaarde, dan neem die een wat die minste afgekeur word, die eerste posisie in en die een wat die meeste afgekeur word, vanselfsprekend die laaste posisie. Hierdie metode van "gewigstoekenning" regverdig mynsinsiens dan die aaneenskakeling soos in die tabelle aangegee word. Die aangegewe gewigswaardes is dus die totale algebraïese gewigswaardes. Die volgende was in die lig van die vorige uiteensetting die bevindinge:

<u>Middel.</u>	<u>Tot.Gew.w.</u> <u>Here.</u>	<u>Middel.</u>	<u>Tot.Gew.w.</u> <u>Dames.</u>	<u>Middel.</u>	<u>Tot.Gew.w.</u> <u>H. en D.</u>
1. Waard.v.Pres.	1136	1. Waard. v. Prest.	1295	1. Waard. v. Prest	2431
2. Ged. Aanm.	1081	2. Aanm. v. Inis.	1101	2. Aanm. v. Inis.	2161
3. Aanm. v. Inis.	1060	3. Ged. Aanm.	1063	3. Ged. Aanm.	2144
4. Samewerking.	979	4. Samewerking.	848	4. Samewerking	1645
5. Vermaning.	692	5. Suggestie.	755	5. Suggestie.	1440
6. Suggestie.	685	6. Vermaning.	698	6. Vermaning.	1390
7. Beloning.	430	7. Beloning.	426	7. Beloning.	856
8. Berisping.	387	8. Berisping.	154	8. Berisping.	541
9. Liggaanlike straf.	3	9. Terg.	-38	9. Liggaanlike straf	-124
10. Terg.	-210	10. Liggaanlike straf	-127	10. Terg.	-248
11. Strafhuisw.	-247	11. Strafhuisw.	-167	11. Strafhuiswork	-414
12. Verg. v. een met ander.	-429	12. Detensie.	-186	12. Detensie.	-668
13. Detensie.	-482	13. Ignoreer.	-372	13. Ignoreer.	-944
14. Ignoreer.	-572	14. Verwytt.	-694	14. Verg. v. een met andor.	-1281
15. Verwytt.	-695	15. Sedeprekery.	-737	15. Verwytt.	-1389
16. Sarkasmo.	-731	16. Sarkasme.	-762	16. Sedeprekery.	-1474
17. Sedeprekery.	-737	17. Verg. v. een met ander.	-852	17. Sarkasme.	-1493
18. Boelie.	-958	18. Boelie.	-954	18. Boelie.	-1903
19. Sos. vern.	-1103	19. Afsnou.	-1173	19. Afsnou.	-2365
20. Afsnou.	-1192	20. Sos. vern.	-1276	20. Sos. vern.	-2379

Wanneer die volgorde van middels vir die geslagte apart vergelyk word, spring 'n paar dinge duidelik vorentoe. As geheel gesien, vergelyk hulle wat goed- en afkeuring van die middels betref, uitstekend. Dit blyk egter dat dames liggaamstraf baie meer afkeur as die geringe goedkeuring wat dit by die here geniet. Verder staan die dame baie meer

afkeurend/.....

afkeurend teenoor die middel "vergelyking van die een leerling met die ander" as die here. By die rangorde vir die geslagte gesamentlik tref dit dat slegs agt middels 'n positiewe gewigswaarde dra. As mens hierdie agtal in hulle rangorde nou ook ontleed, sal dadelik opgemerk word hoe die opvoedeling in sy eie waarde en as draer van waardes eerbiedig word. Hulle dra deurgaans 'n positiewe inslag en het as bedoeling om die mens op sy pad van mondigwording positief te help. Egte leiding is en moet dan altyd positief wees. Negatiwiteit en 'n metode van negatiewe komplimentering, vernedering, afsnou, leedveroorsaking, ens. is geen kenmerk van die waardige opvoeder-onderwyser nie. Hierdie rangorde korreleer ook uitstekend met dié wat deur die manne en vroue van die praktyk aangebied is. Waar destyds daarop gewys is dat "detensie" en "ignoreer" twyfelagtige middels is, blyk dit hier dat hulle nog meer as "liggaamstraf" afgekeur word. Dit is mynsinsiens in verband met die metodes van kontak tussen onderwyser en leerlinge gebiedend essensieel dat ons ook die standpunt en die sienswyse van die kind sal verneem en respekteer. Die bevindinge uit die vorige tabelle wys uitdruklik daarop dat al sou hierdie twyfelagtige middels, as hulle op sommige leerlinge toegepas word 'n positiewe uitwerking mag hê, dit tog ander lede van die klas nadelig kan affekteer.

En dit bring ons dan aan die einde van die verwerking van die bevindinge uit die drie groepe empiriese materiaal. Alles het feitlik al vorentoe gekom. Tans resteer die taak om ons proewe van 'n pedagogiese tipologie aan te bied.